Jaargang 2016
ISSN 1018–0710

# DOLOS

## Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, UV



UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

# Inhoud


**D. F. Malherbe-gedenklesing 2016** ........ 4

**Ons werk mee aan ’n nuutjie by die Vrystaat Kunstefees** ........ 5

**Kortleerprogram: Gesellig Afrikaans 2016** ........ 6

**Studentebedrywighede in 2016** ........ 7

Kopieskryfwerkswinkel ........ 7

Beurswenners ........ 7

Certificaat Nederlands als Vreemde Taal (CNaVT) ........ 7

**Populêre lesingreeks 2016** ........ 8

Prof. Jerzy Koch gesels oor sy boek: A History of South African Literature: Afrikaans Literature 17th–19th centuries ........ 8

Prof. Henning Pieterse oor die romans van die Franse digter, Michel Houellebecq ........ 8

Prof. Pieter Duvenage stel sy boek, Afrikaanse filosofie: Perspektiewe en dialoë bekend ........ 9

Prof. Koos Malan gesels oor Die moontlikheid van ’n post-staatlike konstitusionalisme ........ 10

Prof. Hennie van Coller gesels oor die nuutste uitgawe van *Perspektief en Profiel* ........ 11

Annebelle Smit en kollegas: Adam Small-huldiging ........ 12

Prof. Theo du Plessis oor die realisering van inklusiewe en gehalte-onderwys in Suid-Afrika ........ 12

**Boektrommelprojek 2016** ........ 13

**Corlietha Swart: bestuursvlakbetrokkenheid op provinisiale en nasionale kommissies en verenigings** ........ 14

**Kortverhale van die 2016-inname vir die M-graad in *Kreatiewe Skryfkuns*** ........ 15

’n Kruisiging – Willem van der Berg ........ 15

En toe kom ons in Humansdorp – Johann Nell ........ 19

Rondloperhond – Madré Marais ........ 25

Vreemdeling – Marida Fitzpatrick ........ 33








## Redakteursbrief

DOLOS is die departementele akademiese tydskrif van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans in die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat waarin bydraes, kreatiewe stukke en navorsing van studente en kollegas en ook prestasies in en interessanthede oor Afrikaans aan die UV gebundel word.

Dolos 2016 gee uiteraard ook terugvoering oor bedrywighede waarmee studente en dosente hul besig hou op plaaslike, maar ook op nasionale en selfs internasionale vlak. Gewoonlik vind die aktiwiteite buite die formele doseerlading van dosente en klasaktiwiteite van studente plaas, wat dit des te meer merkwaardig maak dat daar so ’n ryke kaleidoskoop van aktiwiteite in een departement opgesluit lê.

Geniet Dolos 2016 wat, buiten vir lekker leesgenot, ten doel het om sommer ook die departementele geskiedenis vir die nageslag digitaal te bewaar!

Lekker lees!

*Corlietha Swart*

Redakteur: Dolos 2016



## D. F. Malherbe-gedenklesing 2016

Die bekende sanger, aanbieder, vermaaklikheidskunstenaar en ouddosent in kommunikasiekunde, Coenie de Villiers, was die spreker tydens die D.F. Malherbe-gedenklesing op 24 Mei 2016, wat normaalweg tweejaarliks aangebied word deur die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans van die Universiteit van die Vrystaat. Die titel van sy lesing was: ***"Is Afrikaans plesierig? 'n Aweregse blik"***.



Foto: Die D.F. Malherbe-gedenklesing 2016-aanbieder, Coenie de Villiers

Afrikaanssprekendes moet nie vra wat die wêreld vir Afrkaans kan doen nie, maar moet vir 'n verandering vra wat Afrikaans en die gebruikers daarvan vir ander kan doen. Dan het die taal 'n kans om te oorleef – aldus mnr. De Villiers. Hy het benadruk dat 'n mens sonder skroom en vrees moet opstaan vir jou taal, maar nie noodwendig in die middel van die pad nie en nooit so dat jy die morele kompas van menswees prysgee nie. "Afrikaans lééf, en is besonder plesierig, en gaan voortbestaan solank as wat ons daarin lag en praat en sing en dit nie doodsmoor met reëls en voorskrifte nie. En dan ook natuurlik solank as wat ons nog die grense van ons taal kan verskuif – en toelaat dat die bakens net so effe versit mag word.

Miskien was Vincent Oliphant dan tóg reg in sy gedig oor Afrikaners, want hy skryf aan die einde daarvan:

*Ek het nader geleun*

*En 'n hart hoor klop*

*En my eie taal hoor praat*

*En dit was nie te laat.*

*En dit was nie te laat.*

Hoe moet ons dan voel oor onsself en oor Afrikaans? As dit 'n resep was, sou ek voorstel ons roer een skeut bekommernis by, twee groot lepels optimisme, 'n stewige porsie mededeelsaamheid, 'n knypie akademiese kennis en ons sit dit voor in 'n fliek, 'n advertensie, 'n lied, 'n boek, 'n grap en hier en daar in 'n verhandeling".

## Ons werk mee aan ’n nuutjie by die Vrystaat Kunstefees

Die RSG-blokraaitoernooi, in samewerking met XWord en die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans (UV) was ’n opwindende toevoeging tot die Kunstefeesprogram in 2016. Deelnemers het teen mekaar en teen die horlosie meegeding om te bepaal wie die eerste RSG-blokraaikampioen sou wees. Persone, onder wie verskeie jongmense, van so ver as Kaapstad, George en selfs Namibië het die geleentheid bygewoon. Deelnemers kon aan drie uitdunrondtes deelneem waartydens hul spoed en kennis met die invul van ’n uiteenlopende reeks raaisels getoets is. Ilse van Hemert van Pretoria is as die heel eerste nasionale blokraaikampioen gekroon.




Willie Pretorius, Ilse van Hemert en Jo Hiemstra, pryswenners van die blokraaitoernooi



Foto: Deelnemers tydens die finale rondte van die blokraaitoernooi

## Kortleerprogram: Gesellig Afrikaans 2016

Die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans bied al vir meer as 'n dekade die (gevorderde kursus / Gesellig Afrikaans 2).




Foto: Suksesvolle 2016-kandidate en fasiliteerders by die diplomafunksie in Mei 2016.
Agter, naasregs die fasiliteerder mev. Ida Meiring en heel regs, mej. Alison Stander.

**Semester 1**

Studente wat die Gesellig Afrikaans 1-kursus in die eerste semester suksesvol deurloop het: Edgard Ngounda, Ella Rommel, Fabien Pooblan-Couzardot, Lena Quante, Matteo Grilli, Megan Doney, Nadine Meyer, Osmo Manyanye, Vanessa Heile, Ellen Loechte, Tilo Bothen, Shuhei Kainuma

Studente wat die Gesellig Afrikaans 2-kursus suksesvol deurloop het: Megan Doney, Marja Wildschut, Kristina Riedel, Kgashane Malatji, Lesego Masike, Princess Kubheka, Tebogo Molatudi.



Foto: Suksesvolle 2016-kandidate en fasiliteerders by die diplomafunksie in November 2016.

**Semester 2**

Studente wat die Gesellig Afrikaans 1-kursus in die tweede semester suksesvol deurloop het: Lena-Marie Wellbrock, Lina Schlichting, Vinzenz Kluas, Max Brauckmann, Agnes Harms. Fasiliteerder: Me. Ida Meiring. Studente wat die Gesellig Afrikaans 2-kursus suksesvoldeurloop het: Busiswa Bisiwe, Max Brauckmann, Julia Kreuwel, Nadine Meyer, Veerle van Mierlo. Fasiliteerder: Me. Alison Stander.

## Studentebedrywighede in 2016

In 2016 het die studente van die departement weer eens op verskeie vlakke uitgeblink en hard gewerk.

### Kopieskryfwerkswinkel

Studente in die Kopieskryfkursus woon jaarliks 'n daglange werkswinkel by. Hierdie werkswinkel word aangebied deur professionele kopieskrywers van vooraanstaande advertensieskole en die industrie. In 2016 het Roela Hatting van UJ die werkswinkel aangebied.



Op die foto verskyn van links na regs: Sylverster Chacha, Jana de Jager, Roela Hattingh (aanbieder) en Paballo Ntebele

### Beurswenners

Die voorgraadse studente Retha du Plessis, Janet du Toit, Carlé van Zyl, Anja van der Merwe en Linda Marais verower almal SAVN-beurse, terwyl Mari Prinsloo die SAVN-beurs vir honneursstudente ontvang. Adele Opperman ontvang die fakulteitsbeurs vir nagraadse studies.

### Certificaat Nederlands als Vreemde Taal (CNaVT)

Na 'n volledige semester Nederlands (taalverwerwing en letterkunde) in die tweede studiejaar, kan studente via die departement inskryf vir die internasionale eksamen in Nederlands, *Certifikaat Nederlands als vreemde taal.* In 2016 het die volgende kandidate die eksamen suksesvol voltooi: Anja van der Merwe, Janet du Toit, Linda Marais, Carla Ellis en Jani Swart.

## Populêre lesingreeks 2016

### Prof. Jerzy Koch gesels oor sy boek: A History of South African Literature: Afrikaans Literature 17th–19th centuries

Prof. Jerzy Koch, dosent in Nederlandse koloniale literatuur, Suid-Afrikaanse Engelse en Afrikaanse letterkunde aan die Adam Mickiewicz-Universiteit in Poznań, Pole en navorsingsgenoot van Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans (UV) het op 12 Februarie 2016 aan 'n vraaggesprek met dr. Francois Smith oor Koch se pasverskene boek deelgeneem.




Op die foto van links na regs: proff. Jerzy Koch, Angelique van Niekerk en dr. Francois Smith. *Foto: Corlietha Swart*

### Prof. Henning Pieterse oor die romans van die Franse digter, Michel Houellebecq

In Maart 2016 lewer prof. Henning Pieterse 'n lesing getiteld: ***Die betekenis en funksie van poëtiese intertekste in die romans van Michel Houellebecq*** en hy gee dit in 'n neutedop soos volg weer:

Daar is talle intertekste in die romans van Michel Houellebecq – filosofies (Comte, Schopenhauer, Nietzsche, ens.), natuurwetenskaplik (Bohr, Einstein, Planck, ens.), visueel-artisties (Koons, Hirst, ens.), polities en literêr (RL Stevenson, Agatha Christie, Balzac, Molière, Kafka, Goethe, De Musset, Huysmans, ens.), om 'n paar tipes te noem. Dit is nie verbasend dat Houellebecq, as digter, verskeie poëtiese intertekste in sy prosa sal "plant" nie. Die leser vind verwysings na veral Baudelaire, Houellebecq se digterlike "vader", en ook onder meer na Kleist, Breton en Lautréamont. Dan is daar talle voorbeelde van intratekstuele verwysings na Houellebecq se eie poësie uit sy vier gepubliseerde bundels, *La poursuite du bonheur* (*Die strewe na geluk*), *Le sens du combat* (*Die sin van die stryd*), *Renaissance* en *Configuration du dernier rivage* (*Konfigurasie van die laaste oewer*). Verskeie passasies in *Les particules élémentaires* (vertaal as *Atomised*), *La possibilité d'une île* (vertaal as *The possibility of an island*) en *La carte et le territoire* (vertaal as *The map and the*

*territory*), verwys, op hul beurt, na spesifieke gedigte van Houellebecq in terme van konsonante karakters en karakteriserings, milieus, idees en temas, wat lei tot 'n simbiotiese verhouding tussen en lesing van Houellebecq se poësie en prosa.

'n Navorser soos Delphine Grass (2010) het al kommentaar gelewer oor die poëtiese kwaliteite van Houellebecq se prosa, maar die betekenis en funksie van spesifieke poëtiese intertekste in sy romans is nog nie behoorlik ondersoek nie. Die doel van hierdie lesing is dan om die twee "tale van styl en vorme en van vorm en genre" in Houellebecq se roman-oeuvre, naamlik die verhouding tussen poësie en prosa en die moontlike betekenisse en funksies van die digterlike intertekste in sy prosa, te ondersoek. Gedigte deur die naamlose verteller en twee karakters en Boeddhistiese tekste in *Les particules,* Nostradamus-tipe kwatryne en *rap*-reëls in *La possibilité* en liedlirieke en selfverwysende digterlike aanhalings in *La carte* word geanaliseer met betrekking tot hul moontlike betekenisse en funksies in terme van karakterisering en plotkomposisie van die tersaaklike romans.




Prof. Henning Pieterse met Houellebecq-vertalings.

*Foto: Corlietha Swart*

## Prof. Pieter Duvenage stel sy boek, Afrikaanse filosofie: Perspektiewe en dialoë bekend

Prof. Pieter Duvenage van die Departement Filosofie, Universiteit van die Vrystaat het op 8 April 2016 sy pasverskene boek *Afrikaanse filosofie: Perspektiewe en dialoë* bekendgestel.

Hierdie publikasie van hom poog om iets op kaart te bring wat tot op hede ontbreek, naamlik perspektief op, interpretasie en kombinasie van dialoë oor die verskynsel of fenomeen van Afrikaanse filosofie wat die afgelope 100 jaar in Suid-Afrika ontstaan het en steeds lewenskrag toon.

Wanneer dit by die Afrikaanse letterkunde kom, val dit op dat daar 'n omvangryke lys figure, fassinerende werke en historiese bakens is. Dit is egter nie die geval met die verskynsel van Afrikaanse filosofie nie. Hoewel

name soos Stoker, Versfeld en Degenaar en hulle wysgerige werke bepaalde staanplek in die Afrikaanse openbare lewe verwerf het, het Afrikaanse filosofie in 'n groot mate ondergrondse tradisie gebly –dog een wat die moeite loon om na vore te bring omdat die invloed daarvan in onverwagte en verrassende rigtings neerslag gevind het.




Prof. Pieter Duvenage met sy Afrikaanse filosofie-boek.
*Foto: Corlietha Swart*


## Prof. Koos Malan gesels oor Die moontlikheid van 'n post-staatlike konstitusionalisme

Op 13 Mei 2016 bespreek prof. Malan die 'n tweeledige kern van die kostitusionalisme. Eerstens versinnebeeld dit die soeke na geregtigheid. Tweedens impliseer dit magsewewig. Geregtigheid beoog 'n gelukkige lewe deur die erkenning en selfverwesenliking van almal – elke individu en elke gemeenskap. Geregtigheid kan nouliks in 'n chaotiese toestand, waarin eiereg geld, verwesenlik word. Derhalwe is 'n regsorde met gepaardgaande gesag noodsaaklik. Ongekontroleerde gesag kan egter verval na 'n toestand van chaos se teenoorgestelde, naamlik buitensporige magskonsentrasie in die hande van slegs een sektor in die samelewing wat onbeteueld tot eie voordeel en ander se nadeel optree. Wanneer dit gebeur, is geregtigheid – die eerste wesenlike element van die konstitusionele idee - daarmee heen. Juis daarom is konstitusionalisme se noodsaaklike tweede been 'n stelsel van magsewewig wat daarop gemik is om oormatige magskonsentrasie te verhoed en, ten slotte, om geregtigheid te verwesenlik.

Die moderne territoriale staat is vir die afgelope nagenoeg 350 jaar die dominante politiek-konstitusionele struktuur. Juis vanweë sy dominansie het die territoriale staat egter ook belangrike intellektuele – meer bepaald "wetenskaplike" – implikasies, aangesien dit 'n paradigma vir ons denkarbeid oor die politiek, staatsreg en trouens alle aangeleenthede van 'n openbare aard gedefinieer en begrens het. Dit begrens onder andere die wyse waarop ons konstitusionalisme as juis verengde staatlike konstitusionalisme konseptualiseer.

Staatlike konstitusionalisme het dikwels verreikende nadelige implikasies aangesien dit nie daarin slaag om magsewewig te bewerkstellig nie, met verwoestende gevolge vir die verwesenliking van geregtigheid, veral vir gemeenskappe binne 'n kulturele en andersins heterogene samelewing. Die kern-swakheid van konstitusionalisme, soos kragtens die staatlike paradigma gekonseptualiseer, is enersyds dat dit geskoei is op die denkbeeld van die abstrakte individu en andersyds op die gesentraliseerde staat (met onverdeelbare soewereiniteit). Dit verhoed 'n ewewigtige konstitusie, aangesien alle samelewingsverbande, met inbegrip van die universiteit, uiteindelik verstaatlik. In so 'n konstitusie kan grondwetlike wigte en teenwigte ten slotte uiters swak, indien nie blote skyn nie, word en kan geregtigheid moeilik realiseer.

Hierdie gebrekkige konstitusionele model is, nadat dit ook elders in die wêreld met nadelige gevolge volstrek toegepas is, tans besig om Suid-Afrika toenemend te teister. Daar is egter ook die belofte van 'n konstitusionalisme anderkant die staatlike paradigma en anderkant staatlike konstitusionalisme, wat ons juis nou in Suid-Afrika dringend moet oorweeg – 'n post-staatlike konstitusionalisme wat ook die universiteit anders bedink.




Proff. Henning Pieterse, Koos Malan en dr. Johann Rossouw na afloop van die geleentheid.


*Foto: Corlietha Swart*

## Prof. Hennie van Coller gesels oor die nuutste uitgawe van *Perspektief en Profiel*

Op 24 Junie 2016 het 'n gesprek oor die nuutste uitgawe van *Perspektief en Profiel* tussen prof. Hennie van Coller en dr. Anthea van Jaarsveld plaasgevind.

Prof. Van Coller is 'n navorsingsgenoot van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die UV en redakteur van die jongste uitgawe van *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis* en dr. Van Jaarsveld is verbonde aan die departement.

Temas wat ter sprake gekom het tydens hierdie gesprek, was onder andere die kwessie van literatuur-geskiedskrywing, die ontwikkelende aard van *Perspektief en Profiel*, kanonisering asook die regverdiging van 'n spesifiek Afrikaanse literatuurgeskiedenis binne die huidige Suid-Afrikaanse werklikheid.




Proff. Hennie van Coller, Henning Pieterse en dr. Anthea van Jaarsveld met die twee dele van Perspektief en Profiel.     Foto: Corlietha Swart

## Annebelle Smit en kollegas: Adam Small-huldiging

Op 12 Augustus 2016 het die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans die *Adam Small-gedenklesing* aangebied. Die gedenklesing het bestaan uit voorlesings uit sy poësie, gedramatiseerde voorlesings uit sy dramas en 'n meer akademiese bespreking van sy werk deur Annebelle Smit.



## Prof. Theo du Plessis oor die realisering van inklusiewe en gehalte-onderwys in Suid-Afrika

In Oktober 2016 het prof. Theo du Plessis 'n lesing aangebied, getiteld: "Die realisering van inklusiewe en billike gehalte-onderwys in Suid-Afrika – bydraes en struikelblokke wat betref taal in die onderwys."

Teen die agtergrond van onderwyshervorminge in Suid-Afrika sedert 1994 bied hierdie voordrag 'n oorsig oor taal in die onderwys en enkele hoogtepunte wat betref die vernaamste prestasies en uitdagings. As een van die terreine van die anti-apartheidstryd, is die onderwys oor die laaste twee dekades dramaties getransformeer van 'n hoogs uitsluitende ras- en etno-linguisties gebaseerde stelsel tot 'n inklusiewe opset, geïnspireer deur die ideale van regstelling, gelykheid en sosiale kohesie. Suid-Afrika se Nasionale Onderwyswet van 1996 word spesifiek gerig op "the advancement and protection" van die reg "of every person to basic education and equal access to education institutions", ideale wat aan een van die Verenigde Nasies se Sustainable Development Goals (SDG) verbind kan word. Die voordrag bied 'n oorsig wat handel met Suid-Afrika se tweeledige benadering tot taal in die onderwys, een wat grootliks konsentreer op taal-in-die-onderwys-beleid en taal-in-die-kurrikulum as twee uiteenlopende en byna onverwante vraagstukke.



## Boektrommelprojek 2016

Carla Ellis

Die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans het in 2016 ’n boektrommelprojek geloods om die biblioteke van plaaslike sorgsentrums aan te vul.

Die departement het kollegas en studente kampuswyd versoek om enige ou boeke te skenk aan ENGO, ’n niewinsgewende en nieregeringsorganisasie wat fokus op die versorging van kinders, bejaardes, gesinne, persone met gestremdhede en pasiënte in nood.

Die Afdeling Afrikaans en Nederlands se studentevereniging *Vuur-en-Vlam* het Vrydagmiddag, 6 Mei 2016, die boeke by ENGO afgelewer.




Foto: Nhanhla Mgobhozi bult hier sy spiere tydens die vervoer van die boeke.




Agter, van links na regs: Carlé van Zyl, Nhanhla Mgobhozi, Janice du Plessis
Voor, van links na regs: Lindiwe Kumalo, Erica Dibela, me. Carla Ellis (dosent)

## Corlietha Swart: bestuursvlakbetrokkenheid op provinisiale en nasionale kommissies en verenigings

Corlietha Swart, dosent verbonde aan die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans van die UV, is in vele besture op gemeenskapsvlak aktief. Dit sluit in die voorsitterskap van die Bloemfonteinse Skrywersvereniging (BSV) sedert November 2008 met lede landswyd en meer as 8000 vriende soos skrywers, uitgewer, ens. op die BSV-Facebook en Page wat sy ook hanteer. Die BSV se jaarlikse projekte sluit in die groot **Nasionale BSV-Skryfwedstryd** (wat sedert 2009 geborg word deur die Fakulteit Geesteswetenskappe van die Universiteit van die Vrystaat), die jaarlikse **Nasionale BSV-Slypskool** wat jaarliks deur 80 tot 100 slypskoolgangers bygewoon word en twee jaarlikse publikasies, waarvan sy redakteur is. Die publikasies word geborg deur die *Stichting tot bevordering van Culturele Betrekkingen Nederlands Zuid-Afrika* en deur SUNMeDIA uitgegee. Sy is ook een van die 10 lede van die *Nasionale Vrouemonumentkommissie* sedert 1990 (26 jaar), NG-kerkverteenwoordiger by die *Bybelgenootskap van Suid-Afrika* en word gereeld gevra as beoordelaar by redenaars- en spel-inisiatiewe by skole. Sy is ook by ander instansies op provinsiale en nasionale bestuursvlak betrokke, bv. as ondervoorsitter van die *Vriende van NALN-vereniging* en het vir ’n 5 jaar-termyn op die *Provinsiale Geografiese Namekomitee van die Vrystaat* gedien, o.a. saam met dr. Johan Loock en Kobus Dreyer. Sy was ook vir 16 jaar trusteevoorsitter van twee komplekse, omroeper van twee radioprogramme by Radio Hoogland (’n musiekprogram en letterkundeprogram), rubriekskrywer en resensent vir Volksblad, het ’n Taalkunderubriek in Ons Stad en later in Bloemnuus hanteer, moes later “aftree” as orrelis – orrelposte wat sy sedert haar standerd 7-jaar by verskeie kerke beman het. In 2011 was sy op die kortlys as genomineerde vir die Shoprite-Checkers Woman of the Year-toekenning vir die kategorie “Educators” en in 2014 ontvang sy die Bloemfontein-Roostoekenning vir Gemeenskapsbetrokkenheid en bydrae tot Letterkunde.




Die Vriende van NALN-bestuur 2016. Voor, van links na regs: mnr. Otto Liebenberg (voorsitter) en me. Reza Britz. Agter, van links na regs: me. Annelien Diedericks, Nita Olivier, Corlietha Swart en Nola Doré.

## Kortverhale van die 2016-inname vir die M-graad in *Kreatiewe Skryfkuns*

Dr. Francois Smith

Hierdie verhale is geskryf deur 2016-inname vir die M-graad in *Kreatiewe Skryfkuns* en wel as deel van een van die twee kursusse wat studente in hul eerste studiejaar volg, naamlik *Literêre Stilistiek*. In hierdie kursus word studente blootgestel aan skryftegnieke en –beginsels en hulle kry die kans om dit te oefen aan die hand van ’n verhaal wat hulle volgens heel spesifieke vereistes moes skryf. In dié geval was dit ’n verhaal oor ’n man en ’n vrou wat een aand onderweg huis toe ’n ryloper oplaai. Die sluimerende spanning tussen die paar word op die spits gedryf deur hoe hulle onderskeidelik teenoor die ryloper optree. Dr Francois Smith en prof. Henning Pieterse begelei die studente in die MA-program.

### ’n Kruisiging – Willem van der Berg

Hy is onmiddellik vies as hy die hefboompie trek en die ruitveërs smeer die skoon water wat uitspuit en die spul motte soos ’n insekkonfyt oor die bakkie se ruit. Hierdie pad tussen die stad en plaas is hoeka gevaarlik in die aand. Nou moet hy ekstra fyn kyk tussen die wit strepe deur. Skottelgoedseep. Hy moet tog onthou om ’n slag skottelgoedseep in die ruitveërwater te gooi. Maar hy is bly oor die motte. Dit dui op ’n verandering in die weer. En enige verandering sal nou waardeer word. Hy het die Vrystaat nog nooit só warm en droog beleef nie. Die boere was nog nooit só moedeloos nie. Om hom het die buurmanne al tou opgegooi. Johan Venter het sy geraamtediere wat oor was verkoop en help nou sy skoonpa met dié se melkboerdery in die Kaap. Sakkie Richter het veiling gehou. Plaas, diere, alle werktuie en toerusting verkoop. Behalwe sy *spanners*. Hy het nou ’n motorhersteldiens in die dorp begin. Richter-motors in Reddersburg. En Basie Nel. Sy vrou het hom twee weke terug in ’n voerbak tussen die beeste gekry. Om hom het 24 Bonsmara-koeie begin opblaas in die skroeiende hitte. Almal kopskote. Blykbaar Basie ook. Sy .308-jaggeweer het tussen sy bene gelê.

Al hoekom dinge by hom op Mooifontein nog kan voortbeur is as gevolg van die ontsaglike groot gronddam vol helder water. Die fontein het wel ’n ruk terug opgedroog. Soos ’n groot wond wat ophou bloei het, lyk dit nou. Daar waar die water ’n ruk terug nog deur die grond gesyfer het, is nou ’n klipharde kors. Die litteken loop ’n ent tot waar dit by die damwater eindig. Sy eie meer. En oase. Want rondom die dam lê lande en lande groenvoer en lusern. Die rede waarom Ploeg van Aarde van Mooifontein se diere vet is en hy ander se maeres kan aankoop terwyl die Vrystaat se boere tussen hulle beeste doodgaan.

“Sien jy die baie motte?” vra Ploeg in die stil dubbelkajuit.

Dit bly stil en Ploeg loer na sy vrou langs hom. Haar kop is teen die sitplek, maar weggedraai van hom. Slaap seker.

Maar Rosa kyk hoe die veld donker raak net buite die bakkie se lig en dan verdwyn. Sy wens die veld wil vir altyd verdwyn. Die veld, die stof, die gewag vir reën. Die plaas. En Ploeg ook. Ja, die laaste tyd wens sy hy wil ook verdwyn. Want dis hy en alles om hom wat haar bly krap. Soos verdomde steekgras in haar kouse. Sy het hom gewaarsku. Sy het vir hom gesê sy wil nie op ’n plaas sit en vergaan nie. Sy hou van die stad. Van mense om haar. Winkels naby. Minder vlieë, minder stof en nie elke nou en dan verduiwelse boerbokke in jou tuin nie. Sy het daarvan gehou dat hy predikant was en op sy eie na die boerdery kom kyk het. Die gemeente was gelukkig, sy was gelukkig en sy was seker Ploeg was ook. Hoe verloor ’n predikant geloof in die God oor wie

hy elke dag gesels? Dalk was sy te ontsteld om sy verduidelikings te verstaan. Al wat sy kan onthou, is dat dit vir dae lank yskoud binne haar was na Ploeg gesê het hy gaan uit die bediening en terug plaas toe. Hy gaan boer. En dat hy regtig hoop dat sy sal saamgaan.

Sy het. Want al glo hy nie meer nie, glo sy. En sy het geglo dat hierdie beproewing haar man dieper sal laat kyk sodat hy met hernude ywer en krag die woord van die Here sal wil verkondig. Maar nou, na drie jaar op die plaas, twyfel sy. Want Ploeg het bruiner geword en al hoe meer uitgelate begin lag. Daar is ’n kragtigheid in sy stap en rustigheid in sy oë. Hy is gelukkig, besef sy. Hy was nie. Hoekom kan hulle dan nie op dieselfde plek gelukkig wees nie? En waarom, o Here, waarom die suinigheid op die plaas? Mooifontein. Dit klink so belowend, maar dis die einste fontein en daai fokken verskriklike dam wat als opslurp. Eers was daar nooit geld nie omdat die dam moet groter en die fontein se vore uitgesement moet word. Toe word nuwe lande uitgelê. ’n Helse besproeiïngstelsel. Trekkers. Planters. Saad. Maar as hulle stad toe gaan moet die inkopies fyn beplan word.

“Niks wat nie absoluut nodig is nie,” sal Ploeg sê terwyl hy die geldnote mooi aftel wanneer hy haar by die inkopiesentrum in Bloemfontein aflaai. En wanneer hy haar kom oplaai en hulle die plastieksakkies met kruideniers in die bakkie se kappie pak begin die rusie. So asof daardie kappiedeur wat oopgaan die ou baklei laat uitborrel. Ploeg sien altyd ’n paar items wat volgens hom onnodig is. Sy probeer dit verdedig. Sy sal meeste keer sê, “Maar ons koop dit al vandat ons getroud is.”

Hy sal antwoord, “Ons lewe het nou heeltemal verander.”

Sy, “En wie se skuld is dit nogal?”

Hy, “Dis sodat ons albei gelukkig kan wees.”

Sy, “En lyk dit vir jou asof dit uitwerk?”

Hy, “Op die oomblik is net jy ongelukkig. En ons finansies gaan weer beter lyk na ’n ruk. Ons is amper oor die bult.”

Sy, “Bulte, vlaktes, fonteine, damme, lande … Die Here alleen weet waarmee jy besig is, Ploeg.”

Hy, “Wat loop hier langs die pad?”

Sy sien ’n spookagtige figuur langs haar ruit verbyflits en voel hoe Ploeg die bakkie rem.

“Wat nou?”

“Dit lyk soos ’n vrou wat langs die pad stap.”

“Ek weet nie of ons moet stop nie, Ploeg. Dis vrek gevaarlik.”

“En is dit nie vir haar vrek gevaarlik om so alleen te stap nie? Ons moet maar eerder help.”

Die bakkie se lig swaai om en vang die vrou langs die pad. Sy staan nou en lyk asof sy gereed is om die veld in te hardloop. Ploeg ry stadig nader en roep deur sy oop ruit, “Hallo, is jy oukei?”

Hy stop langs haar. Middeljare se koers. Rugsak oor die skouers wat haar half laat vooroor buig. Sweetpak en tekkies aan. Maer. Haar gesig ook.

“Is jy oukei? Kan ons jou ’n geleentheid gee?” vra Ploeg weer.

Dit is moeilik om in die nag se baie skaduwees te sien of sy glimlag, maar dit lyk vir Ploeg so as sy sê, “Baie dankie, meneer. Ek wil darem net tot hier op Reddersburg.”

“Doodreg so. Ons ry deur die dorp voor ons wegswaai plaas toe,” sê Ploeg terwyl hy uitklim en haar help om haar sak in die kappie te laai.

As die bakkie wegtrek, sê die vrou weer dankie agter Ploeg en Rosa.

“Hoekom stap jy so in die nag rond?” vra Rosa.

“Ek is al lankal moeg vir Bloemfontein, mevrou. Maar vanmiddag kon ek net nie meer nie. Toe pak ek en val in die pad. Ek gaan op Reddersburg weer probeer. ’n Vriend van my het blyplek vir ’n ruk.”

Ploeg kyk in die truspieëltjie. Hy probeer sien waarom die dowwe gedaante op die bakkie se agtersitplek so raadop was dat sy met haar rugsak die nag ingeloop het op soek na ’n nuwe heenkome. Hy kan niks sien nie, maar kry haar wel jammer.

“Reddersburg is ’n klein plekkie en daar is min geleenthede, maar ons sal bietjie uitvind oor werk.”

“Baie dankie, meneer. En ekskuus, my naam is Maria Cloete.”

“Aangenaam Maria. Ek is Ploeg van Aarde en my vrou is Rosa.”

“Het meneer gesê, Ploeg? Soos die ding wat die lande werk?”

Rosa lag, “Netso Maria, Ploeg. Ploeg wat sy lande werk.”

Sy kyk na haar man as sy sagter bysê, “Lande, damme, fonteine, vlaktes, bulte.”

“Dis ’n interessante naam, meneer,” sê Maria.

“Ek was van kleins af vreeslik lief vir ploeg en plant, die dat ek toe die bynaam kry wat sommer my noemnaam geword het. Die plaas waarop ek grootgeword het en waarop ons nou boer was nooit ’n saaiplaas nie. My pa het net die nodigste geplant. Maar daar is ’n fontein met baie water en ek het altyd daarvan gedroom om hierdie fonteinwater in ’n groot dam op te vang sodat ons daaruit kan besproei en meer kan plant. Ek het geglo dit sal ons meer opsies in ons boerdery gee en ook help in droë tye. Maar my pa het gedink dit is belaglik. Almal het. Dit het ’n droom gebly en ek het vir lank geglo dit gaan so wees vir altyd. Ek het eerder geglo dat Noag met ’n houtskip vol diere rondgevaar het toe die aarde onder water was en dat die Rooisee oopgetrek het sodat die Isrealiete kan deurstap en dat Daniël niks oorgekom het in ’n leeukuil nie. Dit het my begin pla dat ek in oeroue stories en kamstige wonderwerke glo, maar nie in iets wat ek vandag kan doen om ’n verskil te maak nie. So, ek het toe begin glo in die werklikheid. In vandag en nou. En in dinge wat ons kan doen om dit beter te maak. Ek het my dam gebou, Maria. Dit het amper ’n jaar gevat. Nou, drie jaar na ek begin het, is hy propvol water. ’n See van fonteinwater. My lande is onder voer en my diere is vet. En in hierdie droogte kan ek ander boere se diere, wat niemand wil hê nie, by hulle koop. Ek kan help met voer. Die droom was groter as wat ek van gedroom het. Groter as ’n dam en lande. Dit maak hierdie aarde vir my en baie ander mense op die oomblik ’n baie beter plek.”

Na Maria se, “Dis ’n ongelooflike storie, meneer,” kan Rosa sien hoe Ploeg na haar kyk. Sy weet die toesprakie was eintlik vir haar bedoel. Om haar te laat glo in die goedheid van sy droom. Sy plaas. Sy besluit. Maar sy hou haar oë op die pad en haar mond toe. Al weet sy in hierdie stilte skuif harde woorde, lelike argumente en skreeu hulself reg vir die uitspring wanneer hulle by die huis kom. Net voor die dorp vra Ploeg vir Maria waar hy haar kan aflaai.

“Sommer by die *garage*, meneer. Asseblief. Ek wil kyk of daar iets is om te eet. Ek sal vandaar af regkom.”

Ploeg stop by die motorhawe en Maria se deur knip oop. Sy leun vir ’n sekonde teen die deur, asof sy vinnig bid voor sy uitklim. Maar dan vra sy, “Ai meneer, ek wil nie, maar ek moet vra. Het meneer dalk vir my iets om mee kos te koop?”

Rosa se kop ruk op. Sy kyk na Ploeg en in haar gedagtes sien sy hoe sorgvuldig hy vroeër vandag die geld vir inkopies afgetel het.

Ploeg haal sy beursie uit.

“Deel jy makliker geld uit aan vreemdelinge as jou eie vrou?”

Rosa se woorde is sag, maar binne die bakkie se kajuit is dit vir almal hoorbaar.





Maria leun weer teen die deur.
"Meneer hoef regtig nie."
"Nee Maria, die lewe is groter as net my en my vrou s'n."
Hy sien net 'n R20-noot in sy beursie en gee dit vir Maria.
"Dit is al geld wat ek by my het, Maria. Dit is wragtag nie veel nie. Maar ek hoop dit kan ook die hier en nou vir jou bietjie beter maak."
Die hier en nou.
Die hier en nou.
Die hier en nou.
Dit draai soos 'n krakerige windpompwiel in Rosa se kop. Die tollende skeppers kom al hoe nader aan haar gesig. Tot dit reusagtig voor haar dreun en sy die wind op haar gesig kan voel. Sy koes en keer met haar hande. Rosa ruk die klein windpompwieletjie wat aan die bakkie se truspieëltjie hang dat die dun riempie breek.
"Fok! Rosa, wat maak jy?"
Sy antwoord nie vir Ploeg nie. Sy het self geskrik. In die voue van haar regterhand sien sy waar die blik haar gesny het. 'n Fonteintjie bloed is stadig besig om 'n klein dammetjie te word. Ploeg stel die truspieëltjie weer sorgvuldig reg. Hy dra nie meer 'n horlosie aan sy linkerpols soos in sy predikantdae nie. Die strook wit vel wat altyd daar vir die son weggekruip het is nou net so bruin gebrand soos die res van sy arm. Als aan hom is donkerder en meer seningrig. Taaier. En harder vir haar. Die son het hom verander. Haar oë val. Die bakkie se grys paneelbord is ook bruin. Saam met die son het die stof gekom. Op alles neergesif. So saggies en stil oral kom lê. Haar hart 'n modderkoek gemaak. Die windpompwieletjie is nog in haar linkerhand. Hy het nie altyd aan Ploeg se spieëltjie gehang nie. Voor hom was daar 'n kruis.
Uit die nou voetpaadjie, van die mosbegroeide stamme en van elke liewe blaar kom die lou asem van die bos. Dit is al skemer aan sy binnekant en haar en Ploeg se sagte voetstappe soos 'n dowwe pols in die mistigheid. Maar haar hart slaan trom onder haar linkerbors waar Ploeg se hande netnou gevryf en gevat het. Waar hy haar gesoen het na hy haar effens opgetel het uit die poel met sy bruinerige boswater en haar kaal rug teen die koue rots vasgedruk het. Waar sy kop 'n ruk gerus het sodat sy asemhaling kon bedaar. Haar lyf is nog nat en haar klere en die koue plak aan haar terwyl sy vir Ploeg volg. Maar binne Rosa is 'n vuur van liefde en verliefdheid. Soos dit hoort as pasgetroudes op wittebrood is, dink sy.
Om 'n skelm draaitjie versteen Ploeg skielik en dan sien sy die twee wydgerekte oë wat voor in die pad na hulle loer. Woeste hare en baard rondom hulle. Die klere hang verslete aan die lyf. Die baard beweeg en 'n stem kom uit.
"Dis oukei. Ek bly hier."
Langs die baard steek 'n groot tak uit en dit ritsel as dit bietjie verskuif word op die skouer.
"Dit is vir my huis."
Rosa wil vir Ploeg fluister om nie aandag te gee nie en dat hulle hier moet wegkom, maar dit is te laat.
"Waar bly jy?"
"Hier in die bos. Ek is Simon."
"Bly jy alleen, Simon?"
"Nee. Saam met Jesus."
Ploeg draai sy verbaasde gesig om na haar.
"Loop!" beduie sy stil met haar mond en oë.



"Nou ja toe Simon, ons gaan maar eers aan."
"Wag."
Rosa voel hoe alles binne haar grond toe sink as Simon die tak neersit, 'n sak van sy rug af trek en 'n byltjie daaruit haal. Ploeg gryp na 'n stok op die grond en skarrel tot teen haar. Simon vroetel deur die tak wat hy gedra het se blare en begin dan kap. Met elke hou ritsel die blare soos iets wat met 'n laaste bietjie lewe stuiptrek. Dan kom Simon regop, sy rug na hulle toe. Hy kap-kap aan iets aan die anderkant van sy lyf. As hy omdraai glimlag sy oë tussen die hare en baard. Sy arm is na hulle uitgestrek en in sy hand lê 'n klein houtkruis.
Simon van Cirene. Die man wat vir hulle 'n kruis in die bos gedra het. So het hulle altyd vir mense die storie vertel van die kruis aan die spieëltjie. Maar toe hulle plaas toe skuif was die kruis een dag skielik af en daar het die windpompwiel gehang. Dit het haar seergemaak. Want dit het gevoel Ploeg vat die poel met die boswater onder haar weg. Die koue rots agter haar rug ook. En laat val haar op droë grond. Los haar alleen op 'n eindelose Vrystaatse vlakte. Met net 'n enkele windpomp wat op die horison bewe. Sy vat die windpompwieletjie en druk dit in die bloed van haar regterhand. Dan hang sy dit weer aan die spieëltjie op en krap in die stof van die bakkie se paneelbord tot daar staan, "My God, My God".

## En toe kom ons in Humansdorp – Johann Nell

"Ons kon maar oorgeslaap het. Nou fok jy in die donker aan asof die duiwel jou jaag. En dis al verby middernag."
Die man agter die stuurwiel kyk na waar sy vrou se mond moet wees. Haar lippe beweeg in die donker, weet hy, maar haar woorde gaan verby hom. Jare al praat sy, en jare al is haar mond 'n donker grot.
"Ek wil by die huis kom." Hy kyk weer voor hom in die geelverligte pad.
"Ek ook," byt sy terug. "Maar ons kon darem wragtag een nag oorgebly het. Die troue het hoe laat klaar gemaak. Ek haat die donker ryery. Jy weet dit.
"En dan?" hap hy terug.
"Ons kon vroegoggend gery het. Maar jy skrik mos elke keer jou gat af as jy net hoor mens moet 'n paar rand uithaal om iets te doen."
"Kak, man." Sy tong klik teen sy verhemelte. "Paar rand? Jy's net lus vir rondlê in 'n gastehuis. En wie betaal vir ontbyt? Het jy gesien hoeveel dit kos? Twee eiers en 'n stuk wors. Dit kry ek verniet by my eie huis."
"Niemand het gesê jy móét ontbyt vreet nie, Stefaans. Ons kon by die Wimpy take-aways vir die pad gekoop het."
Sy draai haar kop weg van hom en lê skuinsweg teen die koue vensterruit langs haar. Sy vroetel met die veiligheidsgordel wat ongemaklik aan haar skouer trek.
Stefaans pluk hard aan die stuurwiel toe sy skielik skree. "Is jy nou heeltemal bedonnerd, Jessica?" Hy trap die rem so hard dat die motor wil-wil gly.
"Daar staan iemand langs die pad!" Haar stem is skril toe sy 'n tweede keer skree. Sy swaai om om na agter in die donker te kyk. Haar oë soek na 'n figuur wat sy so pas op die skouer van die pad sien staan het.
Hy bring die Jetta behendig tot stilstand op die los gruis aan die kant van die pad. Goeie remme, dink hy.
"Fok, Stefaans, vir iemand wat alles om hom raaksien is jy ook maar moerblind. Sien jy nie? Daar staan 'n




vrou!” Sy wys met ‘n uitgestrekte hand deur die agterruit waar ‘n figuur, ‘n vrou, uit die swart nag naderkom. Die remligte val soos ‘n rooi uithangbord oor haar. Sy trap moeilik oor die los klippers.
Jessica knip die sitplekgordel los en druk die knop om die motorruit af te draai. In die stil nag piep dit in die koue deurraam. Dit moet olie kry, dink Stefaans. Hy skakel die enjin af. Die halfoop ruit gaan staan stil. Die spasie is te klein vir Jessica om deur die halwe oop ruit na buite uit te kyk.
Die figuur is langs die motor. ‘n Kil wind swiep deur die skreef in. Dis inderdaad ‘n vrou. Lang krulhare omraam haar gesig soos ‘n goedkoop portret. In die een hand, aan dun blink bandjies, swaai twee hoëhakskoene. Met haar ander hand vee sy die hare uit haar oë en mond. ‘n Oomblik lank kyk Jessica en die vreemdeling mekaar in stilte aan. Net die dooie motorenjin tik-tik in die koue naglug.
Dan praat Jessica. “Is jy heeltemal fokken mal?” vra sy stadig en afgemete. Sy kyk op in die vreemdeling se gesig. Om die vrou se lyf swaai die pante van ‘n fatsoenlose rok. Selfs in die donker blink dit.
Dieselfde vraag as aan my, dink Stefaans. Elke keer dieselfde vraag: Is jy heeltemal fokken mal?
Die vreemdeling praat, ‘n stem ouer as haar lyf. “Ag sorry julle . . .” Die woorde val skor en plat. “Ek soek net ‘n lift, asseblief ...”
“Kom uit die koue,” wys Jessica en wring haar arm om die sitplek om die agterste deur van binne oop te maak. Die vrou huiwer ‘n oomblik asof sy oor iets nadink. Haar arm lig om na iets te wys ...
“Julle het ‘n flat tyre.” Sy wys na agter. “Kom check’it self uit.”
Stilte.
“Aggeneefok,” onderbreek Stefaans die stilte. “Is jy ernstig?” vra hy in die lug. In een beweging knip hy die sitplekgordel los, stamp die deur met sy skouer oop en spring uit. “In hierdie fokken donkerte ...” sê hy, “in die donnerse middel van nêrens.”
Toe hy agterom die motor stap, gaan staan hy met sy hande op sy heupe. ‘n Ruk kyk hy so. Dan kyk hy op na die swart hemelruim bokant hom. “Kan die bliksemse son nie net opkom of iets nie!” Hy skop teen die band met sy skoen se punt.
“Dis nie ‘n dooie ding wat jy weer lewendig kan skop nie, Stefaans.” Jessica het intussen uitgeklim en agter hom kom staan.
Hy maak lig met die selfoonskerm. Dis nie heeltemal pap tot op die velling nie.
“Dis darem nie heeltemal pap nie,” sê Jessica.
“Assefokkenblief Jessica, klim net terug in die kar.” Die vrou met die krulhare gee ‘n tree of wat terug. “Ag sorry, julle ...” sê sy weer.
“Dis nie jou skuld nie,” sê Jessica in die rigting van die vrou.
“Jissis, Jessica, niemand het gesê dis iemand se skuld nie. Alles kan nie iemand se skuld wees nie. Gaan staan daar voor en kyk na die fokken blink sterretjies! Of kyk daar ...” wys hy na niks, “daar kom die maan op. Die maan pla jou mos so erg!”
Jessica buk terug in die motor. Sy hoor nie sy geskel nie. Sy kom met haar selfoon te voorskyn en knip die liggie aan en lig daarmee op die halfpap band.
Stefaans buk op sy knieë en vee oor die band. Hy voel nie iets skerp nie.
“Moenie met jou kaal hande aan die band vat nie,” sê Jessica. “Jy gaan jouself bemors!” Sy buk oor sy skouer om nader te kyk.
“Klim terug in die donnerse kar!” Hy ruk sy kop van onder af op. Hy kyk in die selfoon se skerp liggie vas. Momenteel verblind dit hom. “Jy en daai fokken soeklig van jou!” Sy ruik iets suurderig op sy asem.



"Hoeveel het jy gedrink, Stefaans?"

"Nie genoeg nie," skree hy vir haar. Sy deins terug toe sy voel hoe iets uit sy mond oor haar gesig uitsproei. Jessica wil agteroor uit die ligkol die duisternis in tuimel. Elke keer as hy so in haar gesig skree, wil sy net wegval. Agteroor in niks in. Jare al gaan dit so. Nie net Stefaans nie. Hy is maar net 'n voortsetting van dit waaraan sy kleintyd al gewoond geraak het. Die geskree in haar gesig. Drankasem. Rookwalms. Ma wat die vrede probeer bewaar deur te paai, weg te kruip, die minste te wees.

Aan die ander kant van die motor klik die kaalvoetvrou 'n aansteker aan. In die vlammetjie dans donker skaduwees oor haar gesig. In die donker gloei en verdof 'n rooiwarm kooltjie as sy ritmies aan die sigaret suig.

Jessica laat sak die selfoon. Toe sy terugklim, slaan sy die deur hard toe. Met bewende vingers vat-vat sy aan haar ore en glip die twee oorringe wat weerskante langs haar kop swaai uit die gaatjies. Dit val ongeërg in haar oop handsak. Sy haal terselfdertyd 'n wet-wipe uit en vryf en frommel dit lank tussen haar hande.

"Here, waar is jy in hierdie gemors?" Sy besef nie eens sy prewel die woorde hardop nie. Maar dis al woorde wat sy ken. Die woord van haar ma, destyds, het nou ook haar woorde geword.

Sy wens hulle, sy en haar man, kan soos twee verskietende sterre uitmekaar spat en ligjare van mekaar af in die ruimte wegtuimel. Nou is hulle eerder soos twee naderende sonnestelsels wat dreig om teenmekaar te bots, en wat alles in die heelal in een vuurbal gaan vernietig. 'n Oerknal omgekeerd.

Jessica maak haar oë toe. Sy vryf met twee koue hande oor haar gesig. Iewers daar voor, daar voor, deur die donkerte, moet daar 'n lig aan die opkom wees, dink sy. Sy roep meteens na haar man, want sy wil by die huis kom: "Hoekom ruil jy nou nie die band nie? Kry die jack, Stefaans."

Op die ingewing beweeg hy na die kattebak toe om dit oop te slaan, maar bedink hom dan. Ek is bang ek moer jou dood met daai stuk yster, vroulief, swaai die gedagte deur sy kop.

Hy skop nog 'n keer teen die band, ietwat harder as vroeër. Maar die band bly halfpap. Hoe anders, grinnik hy.

"Ons sal die huis maak," sê hy ingedagte. Dan sien hy die kooltjie wat soos 'n rooi sinjaal aan die ander kant van die motor sterker en dowwer gloei. Dis vir hom 'n teken. "Kom ons ry," sê hy vir die vrou. "Klim in." Sy skiet die halfgerookte sigaret die veld in en blaas die laaste rook hard uit.

Voor hulle terugklim in die motor, vang hulle oë mekaar s'n. Dis asof die donkerte hulle brawer maak. "Jy kan maar jou jack uitgehaal het," sê sy vir hom, sag. "Ek sal dit by my hou indien jy dit nodig kry."

Stefaans glimlag, asof 'n groot gevaar skielik verdwyn het. "Toemaar, my jack is veiliger in my eie hande," antwoord hy. "En netnou word so 'n lekker stuk gereedskap 'n moordwapen." Hy snork deur sy neus toe hy agter die stuurwiel inval.

"Shame, Stefaans," grinnik Jessica. Sy moes hulle gehoor het. "Jy weet mos nie hoe om jou jack te gebruik nie, of hoe?"

Hy kyk haar verergd aan.

"Of nee wag," gaan Jessica voort, en sy weet dit sal hom soos 'n vuishou tref: "Jy gebruik mos eerder 'n domkrag."

Hy wil haar iets toesnou, maar dan skuif die vreemde vrou agter in. Dit ruik na ou blomme, goedkoop parfuum, en sigaretrook. Haar deur is nog nie behoorlik toe nie, toe draai hy al die sleutel in die aansitter.

"Dankie tog vir 'n warm enjin," roep hy uit toe die motor oombliklik vat. "Ek fokken verpes dit om 'n koue ding te stoot." Hy probeer die vreemdeling in die truspieël raaksien, maar sy het oorgeskuif om op die sitplek

reg agter hom te sit. Dit beteken sy en Jessica kan mekaar makliker sien, al is dit net die silhoëtte van hulle lywe. "Jammer, ek is haastig. Dis laat. Ek wil by die huis kom."

Jessica kyk vies na hom. "Waaroor is jy jammer? En ék wil ook by die huis kom." Sy byt die woorde soos 'n rusper wat hap-hap.

Die vrou sug. "Ag thanks, julle ..." Sy laat sak haar kop teen die agterste kopleuning asof sy 'n wyle wil rus. "As julle my net tot op Humansdorp 'n lift kan gee ..."

"Humansdorp!" Stefaans stik. "Humansdorp? Ons kom nou net van Humansdorp af! Dis amper 'n uur terug soontoe!"

"Asseblief ... ek is so jammer," antwoord sy uit die agterste sitplek. "Ek het 'n krisis. Dis ... my ma ... sy ... lê ... op sterwe ... en ek weet nie ... of ..." Sy ryg die woorde soos 'n lang string nagemaakte krale uit.

"En toe trek jy sommer vir die okkasie aan." Stefaans grinnik. Jessica se vuis tref hom vol op sy bo-arm.

"Eina moer!" protesteer hy. Maar Jessica onderbreek hom: "Natuurlik sal ons jou tot op Humansdorp vat, hart. Ons gee nie om nie, nè, Stefaans ...?" Sy spoeg die woorde uit.

In die donker voel Stefaans hoe haar oë op hom brand. "Natuurlik nie," antwoord hy. Hy trek stadig weg, en waar die pad dit toelaat, draai hy die motor om in die teenoorgestelde rigting.

"Jy bly maar 'n teef," sis hy deur sy dun lippe. "Gaan jy vir die ekstra petrol betaal?" Hy fluister die woorde soos koue motreën tussen hulle. Hy bly voor hom in die donker pad kyk.

"En jy bly 'n doos," lag sy, net hard genoeg dat die passasier dink hulle het 'n gemoedelike gesprek.

Vir 'n lang ruk suis die teerpad eentonig onder hulle deur.

Jessica draai skuins na agter. "Maar waar kom jy vandaan? Hoe beland jy langs die pad hierdie tyd van die nag?"

"Ag, long sad story ..." Die vrou vee die woorde met haar hand weg. Dan haak sy 'n lang dun kettinkie van haar skouer af en knip 'n blink handsakkie oop. Sy bring, wat 'n lipstiffie moet wees, te voorskyn en trek behendig twee strepe oor haar lippe.

"Dame, wat's jou naam?" vra Stefaans. Die een oomblik was hy nog kwaad, maar nou neem hy deel aan die gesprek.

"Charlize." Die handsakkie se knip klik hard toe.

"Charlize Theron?" Hy lag na agter. "Kan ek jou handtekening kry?"

"Fok, Stefaans. Die vrou se ma lê op sterwe." Jessica mik weer 'n hou na hom. Maar hy gryp haar hand vas voor dit hom tref. Hy gee dit 'n venynige draai. Hy hoor hoe die litte van haar vingers kraak. Die motor versnel met 'n rukbeweging toe hy die petrolpedaal dieper trap.

Jessica byt op haar onderlip en kyk dan voor haar. Die motorligte gly geel en koud oor die teerpad. Deur haar trane swem die donker en lig deurmekaar.

"Jy weet," sê Stefaans 'n ruk later na agter oor sy skouer, "waar ek vandaan kom, loop vrouens nie in die donker rond nie. Nog minder staan hulle langs die pad. Mans is mos maar bliksems. As 'n vrou langs die pad staan, beteken dit net een ding: vrou van die nag!"

Jessica skud haar kop in ongeloof. "Jy moenie jou aan my man steur nie, Charlize." Sy sê dit na agter sonder om om te kyk.

"Het jy gehoor van die boervrou wat haar bediende een aand dorp toe gevat het?" Hy wag nie vir 'n antwoord nie. "In die dorp gekom staan daar 'n paar vrouens op die straathoek. Watse vrouens is dié dan, mies, vra die bediende. Dis die vroue van die nag, Flora. Die vrouens wat by die mans slaap, Flora. En dan



betaal die mans hulle baie geld, Flora. Ouk Mies, hulle betaal die geld vir die saamslaap? Ja, Flora, antwoord die boervrou. Báie geld. Ouk Mies, antwoord Flora, die oubaas by die plaas hy gee nie die geld nie. Hy betaal net met die lemoen ...”

Stefaans bars in ‘n onbeheerste lagbui uit. Jessica bring haar twee hande na haar gesig toe. Sy vryf haar handpalms oor haar geslote oë. Here, help vir my, dink sy. Stefaans slaan met sy een hand op die stuurwiel soos hy lag. Hy draai om na die passasier agter hom, maar hy kan haar nog steeds nie raaksien nie. Die motor ruk soos hy ritmies lag.

Dan, skielik, uit die bloute, begin sy ook giggel. ‘n Fyn kermlaggie. Eers kalm en bedaard, maar dan algaande harder. Haar mond val oop, haar kop agteroor. Haar krulhare skud heen en weer. Sy gil soos sy lag. “Dis ‘n befokte storie!” Sy skree dit met ‘n oop mond toe sy genoeg asem het om die woorde uit te kry. “Nog!” skree sy. “Vertel nog!”

Nou lag Stefaans éérs. Sy een been stamp op die vloer om sy genot uit te pomp. Hy gryp met die ander los hand tussen sy bene, en streel onwetend oor die harde knop daar. “Is dit nie fokken goed nie?” Hy lek oor sy droë lippe. Hy wil in ‘n hernude lagbui uitbars, maar Jessica sit haar hand op sy been. So sag vat sy aan hom, dat hy skrik. Hy word tot sy sinne geruk. “Bedaar, Stefaans,” fluister sy kalm.

“Stefaans,” praat sy sag. “Ons is hier, hoor. In Humansdorp. Jy kan maar stop. Charlize wil afklim.”

Dis meteens stil in die motor. Die motor kom tot stilstand voor die heel eerste huis soos jy die dorp binnekom. Hy kyk bedremmeld om hom rond. Hy wil vra: Hoe het ek hier gekom? ‘n Hoë krom lamppaal se lig val oor die Jetta. Vir die eerste keer kan die drie insittendes mekaar beter sien.

“Sjoe, nou’t ek lekker gelag,” hyg Stefaans vir oulaas. Sy asem jaag nog ligweg.

Jessica knip die deur oop en klim doelgerig uit. Sy stap agter om die motor en trek die passasierdeur oop. Sy wag dat die ryloper moet uitklim.

“Thanks vir die lift.” Die passasier praat met niemand spesifiek nie. Skielik leun sy oor na Stefaans. “Kan jy my ‘n twenty score?”

“Is jy fokken mal?” Jessica ruk die deur verder oop en druk haar gesig by die agterdeur in.

“Ag please, ou grote?” Charlize druk haar ken oor die sitplekleuning. Haar mond is by Stefaans se oor. “Asseblief, net twintig rand ...” Sy fluister. “Ek het dit genuine nodig ...  vir my ma, jy weet?”

Jessica slaan skielik hard op die motor se dak. Binne die motor ruk Stefaans.

“My ma! My ma! My ma!” skree Jessica en gooi haar kop agteroor. Haar oë kyk die ruimte in, maar dis blind vir die sterre wat soos klein gaatjies in die hemelruim geprik is.

Jy gaan ‘n duik in my dak slaan, dink Stefaans.

Dan lig Jessica skielik haar hande op na die silwergespikkelde donkerte bokant haar. “Here, help my net met hierdie man!” Haar stem slaan deur na iets tussen histerie en hopeloosheid. “Here, waar is jy tussen al hierdie gemors?” Sy skrik vir haar woorde. Dis asof sy haar ma se stem hoor praat het. Dis die woorde wat sy van kleinsaf aangehoor het.

Haar pa, met sy groot hande, was snags in die donker huis rondloop en moeilikheid soek. Soos ‘n liggie in die wind strompel hy van donker kamer tot donker kamer. Die rooi kooltjie wat tussen sy lippe uithang, en waarvan die warm as kort-kort êrens op die vloer val, kom soos ‘n rooi sinjaal nader. As hy praat, mompel, en die sigaret komieklik op en af beweeg, het sy haar kop onder die kombers toegetrek en met styfgeknypte oë in ‘n skynslaap gelê. Tot die woorde van haar ma uit ‘n agterkamer haar verlos. Haar ma wat nooit vir haar pa tereggewys het of hom op sy naam genoem het nie, maar wat net elke keer na die Here daarbo geroep





het. En dan is haar pa ‘n wyle tot sy sinne geroep.
As hy uitstap in die nag, hoor sy hoe hy op die stoep nog ‘n sigaret met die aansteker opsteek. En in haar donker wêreld onder die bedompige kombers verbeel sy haar dat die vlammetjie soos ‘n ster lyk wat ver in die hemelruim wegskiet.
Vir ‘n kort oomblik is daar bykans ‘n gewyde stilte as niemand iets sê nie. Jessica laat sak haar hande eerbiedig voor haar bors, asof sy ‘n antwoord uit die donkerte bokant haar gekry het.
En dan is haar aandag weer by die twee in die motor.
“Klim nou uit, teef!” Sy sis soos ‘n koue waterdruppel op ‘n warm stoofplaat.
“Ek kom, ek kom ...” Charlize vee ‘n lok agter haar oor in. Haar ander hand hang oop oor Stefaans se skouer. “Net twintig rand, ‘seblief ...”
Hy buk oor na die paneelkissie, kry sy beursie daar en klap dit oop. Hy haal die enigste twintigrandnoot halfpad uit, kyk nadenkend daarna, maar stoot dit dan weer terug. Sy vingers knyp ‘n ander noot vas. Hy trek dit behendig uit, vou dit een, twee keer om, en glip dit in haar wagtende hand. Sy klem dit dadelik in ‘n vuis toe, swaai haar bene om en sit haar voete op die sypaadjie buite die motor. “Dankie, hier gaan ek.” In een beweging is sy uit, en verdwyn tussen twee peperbome deur.
Jessica slaan die deur hard agter haar toe.
“Fok, vrou!” gil Stefaans. “Is jy seker die deur is toe?”
Sy kyk weer op na die hemelruim, maar hierdie keer sien sy elke ster en planeet en son en maan en hemelwese bokant haar raak. Hoe hulle flonker, en wip, en verskiet, wentel en kantel, en nader kom, en wegbeweeg. Haar lippe probeer ‘n paar woorde vorm, maar dis nie meer nodig om te praat nie. In haar borskas brand iets warm soos rooiwyn. Sy weet wat om te doen. Die antwoord staan daar geskryf.
“Dankie Ma,” sing dit in haar kop, “... tot my redding.”
Jessica stap om na die oop deur, maar sy klim nie in nie. Sy buk vooroor om na Stefaans te kyk. Toe gee sy een tree terug, en klap die deur nóg harder toe.
“Fok jou, Stefaans!” skree sy. Haar stem slaan hees deur. “Fok jou, en alles en almal om jou!”
Sy draai om en begin wegstap. ‘n Ent van die motor af begin sy hardloop. Eers stadig, maar dan al vinniger totdat sy oorkant die donker straat buite sig verdwyn.
‘n Ruk sit Stefaans so. “Watdehel het nou gebeur?” Hy praat hardop met homself.
Agter hom, êrens in die duisternis van Humansdorp, haal ‘n vrou met lang blonde hare ‘n sigaret uit haar goue handsakkie. Die vlam uit die aansteker word ‘n stralekrans om haar gesig. Terwyl sy die sigaret tussen haar twee donkerrooi lippe aansteek, kyk sy na die noot in haar ander hand. Die opgevoude R200 gly in haar handsakkie. Sy laat dit toeklik. Toe sy die eerste diep trek van die sigaretrook inasem, val haar kop agteroor. Sy kyk op na die sterre in die nagruim. Blink en skitterend hang hulle soos diamante daar. Sy sien hoe hulle vir haar knipoog.

* * *

‘n Motorenjin word aangeskakel. ‘n Ruk luier dit vol afwagting in die dun nag. Maar dis net Stefaans en die motor.
“My skoene!” Skielik onthou Charlize waar sy kaalvoet staan. Sy begin in die rigting van die straat hardloop. Na die luierende motor toe. ‘n Yskoue wind rem haar terug.



Sy is net betyds om te sien hoe die Jetta stadig in die straat omdraai, en dan skielik versnel totdat dit op die swart teerpad uit die dorp verdwyn.

## Rondloperhond – Madré Marais

Sy druk die knoppie ’n paar keer. Dan sien sy die nota. Bruin karton, rof afgeskeur, die woorde uitgekrap met ’n pen wat nie lekker wou vat nie: *Sorry. Mesjien stikkend*.

Anke draai om met die papierbekertjie in haar hand. Langs haar staan ’n koeldrank-yskas. Grommend. Half leeg. Dit blaas warm lug op haar voete uit. Eenkant, langs ’n vrieskas, hap ’n bikinimeisie van karton aan ’n roomys.

“Dis da’m verbitterlik koud vanaand, hè?” Die vrou agter die toonbank kyk nie op van haar selfoon nie, al klink dit asof sy ’n antwoord verwag. “Is nog nie eens winter nie.”

“Juis hoekom ek wou koffie hê,” sê Anke en loop nader.

Wanneer sy oorkant die vrou gaan staan, skuif die deure van die geriefswinkel oop. Sy tree kant toe. Die groot glasruite byt die wind wat na binne lek stomp af.

Buite staan die Range Rover langs ’n dieselpomp. Hein leun by die venster uit en beduie vir die joggie iets. Nee man, ándersom, roer hy met sy regterarm in die lug. Maar my donder, kýk waar ek wys.

“Lyk my ek sal maar moet vasbyt tot in die stad.”

Anke sit die leë bekertjie op die toonbank neer.

Die vrou druk haar selfoon voor by haar hemp in. Dan skuif sy die bril, waarmee haar kuif teruggedruk was, oor haar oë. Sy glimlag. ’n Ou letsel keep diep weg in haar wang. ’n Kuiltjie wat nie deur die natuur gekerf is nie.

“Wag. Wag net bietjie. Staan net so,” beveel sy en vat die bekertjie. “Ek maak gou vir jou plan. Die bestuurder is nie hier nie, maar ek is seker hy sal nie omgee as ek leen nie, veral nadat …” Haar woorde word dof en helder, en weer dof agter die swaaideur.

“Ag, dankie,” sê Anke, al hoor niemand nie.

Sy stap tussendeur die rakke na agter in die winkel. Teen die muur is braaihout in plastieksakke opgestapel. Aan die binnekant van elkeen traan ’n laag druppels. Benoud.

Dit was die eerste keer in ’n lang tyd dat hulle kon weggaan, sy en Hein. Daar was ’n kaggel in die gehuurde vakansiehuis.’n Kaggel en ’n stoep, waarvan die strome reën wat van die dak val, opspat. Poele maak. Die vrou van langsaan se eend het soggens deur ’n gat in die heining gewaggel en om die beurt in elkeen van die poele gaan sit. Asof dit eendag sou dieper wees as voorheen.

Anke het verby hom gekyk na waar vlokke vuil skuim op die strand uitstoot, en gewonder of hy ooit sou weet van al daardie water.

Die huis het ’n mooi uitsig gehad, maar was klein. Nie eintlik Hein se styl nie. Seevakansies buite seisoen is glad nie sy styl nie.

Een aand het hy probeer vuurmaak, maar digte, bitter rook het uit die kaggel gestoot. Hulle moes vensters oopgooi, met koue lug wat instroom soos water in ’n sinkende skip. Albei wat verleë rondstaan met tranende oë en longe wat brand. Hygend na hul asems. Stikkend.

Anke maak ’n tydskrif oop en blaai met een hand daarin rond. Begeerteboekies, noem Hein dit. Goed wat net veroorsaak dat jy alles daarin wil hê. Sy maak dit toe. Die gesig op die voorblad is bekend. Groot oë,





blink hare, breë glimlag. Op die tydskrif langsaan druk ’n kaal blondine ’n motorband teen haar vas. Haar vol borste bol bo die swart ronding. Sy staan met haar sonbruin bene wyd uitmekaar, die onderste boog van die buiteband gevaarlik laag.

Haastig loop Anke na die toonbank terug. In die weerkaatsing van die koeldrank-yskas sien sy hoe skeef die trui aan haar skouers hang. Sy trek dit reg oor die somersrok. Dié het sy ingepak met die hoop op ’n warmer dag.

Hein het die trui op hul wittebrood gekoop, ook al ses jaar gelede. Sodat sy ’n bietjie iets ordentliks sou hê, was sy woorde. Dit was duur. Te duur. Meer as wat sy ooit self vir iets betaal het. Die rok het sy nou die dag op uitverkoping uitgesoek.

’n Rilling slaan oor haar uit en sy vou haar arms om haar lyf. Duur trui oor bleek hoendervel, dink sy.

Die vrou druk die swaaideur oop.

“Moenie worry nie,” fluister sy soos ’n ou vriendin. “Dis op die huis. O ja, sorry. Ons het nou nie van daardie watsenaams …”

Sy beduie met haar hand ’n deksel oor die mond van die papierbekertjie.

“Ag, ’n hoesedinges, man, jy weet mos.”

Die vrou giggel, gaan aan die lag, en bars dan in ’n onbeheerste hoesbui uit.

“Nee, wag, hierso,” Anke vroetel in die sakkies vooraan haar trui. Sy sit die kleingeld wat Hein haar vroeër in die hand gestop het op die toonbank neer.

“Ag, wat’s dié nou?”

Die keep in die vrou se gesig stryk uit, totdat net die harde rif van die letsel daar sit.

“Asseblief, vat dit. Vat dit vir jou,” sê Anke voordat sy by die deur uitglip. Sy loop vinnig motor toe.

“Weet jy waaraan dink ek nou net,” sê sy terwyl sy die Range Rover se deur oopmaak. “Ons het nooit vir die vrou dankie gesê vir die wyn en eetgoed in die huis nie. Of het jy haar gesien toe jy die sleutels gaan teruggee het?” Sy trap versigtig op na binne en wip tot in die sitplek.

Dan beland die koffie byna in haar skoot soos sy probeer wegruk van iets wat sy aanvanklik net uit die hoek van haar oog gesien het. “Hei!” Haar skouers ruk, sy val teen die toe deur aan, waag dit byna nie om om te kyk nie, kyk dan.

Dis ’n man! Op die sitplek agter Hein, langs die vakansiegoed wat hulle vanmiddag daar ingeboender het, sit ’n man.

Sy staar na die vreemdeling. Wag dat hy iets sê, maar hy glimlag net bo ’n grys bokbaardjie wat verbete aan sy ken klou.

“Hi.” Sy kry niks anders uit nie.

Die trui het weer van haar skouer geval en sy skuif die kraag op tot in haar nek, trek die rok se soom af oor haar kaal knieë.

Dalk is dit net omdat haar hart in haar ore klop, maar Hein klink meer benoud as beneuk. “Die man het kom vra. Hy ry saam tot in die stad.”

Sy probeer hom in die oë kyk, maar hy leun oor na die joggie wat terugkom met die strokie. “Is, um, als reg? waag sy. “Met die olie en water en goed,” las sy vinnig by.

“Als reg.” Dit lyk nie asof hy agterkom wat sy vra nie.

Vir wat sou Hein instem om die man te laat saamry? Dis moeilikheid soek.

Pyn vlam oor haar regterhand en sy ruk die bekertjie regop, net om nog van die warm koffie op haar been uit



te mors. “Eina, bliksem! Ag vrek, jammer.” Sy gee ’n vuil kyk na agter, sodat die man moet besef dis sy skuld. Maar haar blik val op die hand wat in die sak van sy sweetpakbaadjie roer en haar irritasie stol in haar keel. Wat hou hy daar vas? Vir wat sít die man so? Dis ’n mes of ’n ding. Hy het Hein gedreig. Hulle word gekaap, hardloop die gedagte met haar weg. Dan keer sy haarself. Hein draai al by die vulstasie uit – kopverloor gaan niks help nie.

Waar die veld buite die dorp uitstrek, moet haar oë weer aan die nag gewoond raak. Donkerte druk teen die ruite, lek by elke skrefie in en klou taai aan die binnekant.

Anke wil nie aan die passasier dink nie, maar sy bly bewus van hoe stil hy daar sit. Van hoe hy ruik: ou sigaretrook. Nie soos nuutaansteek nie, maar klere en hare en vel wat lank met rook deurtrek is. Dit, en iets suurderigs. Sy voel hom hier skuins agter haar. ’n Asem wat swaar intrek en uitstoot en verbleikte blou oë wat na die koperhoepel aan haar oor staar.

Net nou en dan beweeg die man sy voete en trap die plastieksak met padkos raak. Die geritsel laat die spiere in haar nek knoptrek.

Hein kyk nie in die truspieël nie, maar mik die vraag oor sy skouer. “Wat’s jou naam nou weer?”

“Bertus.” Die man se stem is grof, asof sy naam sleepvoet oor ’n grondpad aankom.

“So, wat gaan doen jy in die stad?”

Die plastieksak kraak weer.

Hein gee ’n flou hoesie en maak sy vingers ’n paar keer oop en toe om die stuurwiel.

“Ek het maar besigheid daar, Meneer.”

Die man is oud genoeg om Hein se pa te wees, maar hy noem hóm Meneer.

Hein karring aan die lugversorger en mompel iets oor die koue.

“Meneer-hulle kom van vakansie af.”

Dis eerder ’n stelling as ’n vraag, maar Hein lyk dankbaar dat die onderwerp verander. “Ja, dit doen ’n mens goed om weg te kom. Bietjie vis te vang, son te kry …”

Gedurig e-pos van jou selfoon af te stuur, eindig die sin in Anke se gedagtes. Sy besef die besigheid kan nie stilstaan nie. Die transaksie moet deur. Hein bly sê dis ’n groot een. Dié een. Maar selfs wanneer hulle iets heel anders gedoen het, was sy aandag nie by haar nie.

“Klink asof die weer darem *nice* was.”

“So een of twee dae was reënerig, maar verder nie te sleg nie.”

Anke kyk na Hein en maak haar mond oop, maar vat dan liewer net nog ’n sluk koffie. Die vrou by die vulstasie se hand was swaar met die suiker.

Sy druk die bekertjie met die laaste bietjie koffie tussen die voorste sitplekke in. Sy haat dit. Laaste bietjies. Langs haar hand gaap die man se rugsak oop, ’n swart gat in al die donker daarom. Sy loer onderlangs na die stukkende ritssluiter. Dan leun sy vinnig vorentoe, met haar elmboë op haar bobene, en kyk deur die voorruit na die sterre.

“Altyd snaaks om te dink. Dat daar mense daar bo is.” Anke besef sy sê “mense” só dat dit klink asof hulle glad nie daar hoort nie. “Kilometers en kilometers se niks, als net woes en leeg, en dan, iemand. Vrywillig gevang in ’n wentelbaan.”

“Jy weet,” mik Hein weer na agter, “ek het ook al geryloop. En was dít nou vir jou ’n storie.”

“Ja, ag toemaar wat,” sê Anke te sag vir enigiemand om regtig te hoor.

Die plastieksak gaan nog ’n keer aan die kraak en sy nie anders as omkyk nie. Die man skuif die pakkie sodat

hy meer in die middel kan sit. Sy kniekop, skerp onder die uitgewasde broek, druk teen die koffiebekertjie.
Anke maak haar rug styf, draai só dat sy reguit vir Hein kyk en leun terug tot teenaan die deur. Uit die hoek van haar oog kan sy die man dophou.
“Ek was nog ’n klein laaitie, seker so sewe, toe ek die strate gevat het. Pa se ou army-skouersak gepak, toebroodjies, ’n bottel melk en ’n appel. Volgens my ’n week se kos.”
Niemand sê iets nie. Hein skuif rond in sy sitplek.
Die man leun stadig vorentoe. “Hoe klink dit dan Meneer wou *split*?”
Hein lag stram, skud sy kop. “Nee, dit was nie ek wat weggeloop het nie, dit was my hond. So ’n oulike Jack Russelltjie. Kon heeldag speel, hoor. Groot energie. Ek het hom gaan soek.”
“Bliksem, dis *sad*.” Die man klink opreg bekommerd.
Hein kyk vlugtig in die truspieël. Hy sit terug, maak sy een arm reguit, sy hand aan die bokant van die stuurwiel. “Ja man, my hart was erg seer. Dis mos beste pêlle, ’n laaitie en sy hond. So ek het besluit ek kom nie terug voordat ek hom het nie.”
Die man knik.
“Ek het geweet ek moet wyd soek. Verder as die parkie twee strate eenkant toe, en verby oom Siep se huis ánderkant toe.
Die man frons en draai sy kop effens.
Hein sien dit in die truspieël en besluit om te verduidelik. “Oom Siep was …”
“Hoor Meneer dit?”
“Hoor ek wat? Oom Siep was die koster by ons kerk. Ma het bly sê as my hond nie terugkom huis toe nie, as ons hom nooit kry nie, is dit okay. Dan’s hy op ’n beter plek.”
“Daar’s fout hier agter, Meneer.”
’n Dowwe stampgeluid kom van iewers onder die motor.
Anke kyk in die kantspieël, dan voor in die pad. Die ligte flits oor ’n padteken wat waarsku dat daar vorentoe konstruksie gedoen word. Dan nog een.
“Stadig, Hein.”
Oranje verkeerskegels dwing die pad smaller. Voor blink ’n muur van padtekens.
“Hein!”
Hy rem skerp. Die motor swaai na die skouer van die pad. Daar ruk dit tot stilstand.
Lig weerkaats in die twee letters van “Go” op die bord voor die afgesperde baan.
Anke sit met haar hand teen die paneelbord, haar oë wyd. Hein kyk nie na haar nie. “Na ’n beter plek toe,” herhaal hy net. Hy sit die noodligte aan, maak sy sitplekgordel nukkerig los en klim uit.
Anke se hart klop so wild, sy sukkel om te sluk.
“Go,” lees sy hardop.
Sy besef sy wil. Sy sou wou uitspring en hardloop, maar haar bene is te bewerig. Haar knieë koud. Lam.
Wanneer sy die kattebak hoor oopgaan, maak sy haar sitplekgordel los. Sy stoot haastig teen die deur om uit te klim, maar dit stop halfoop met ’n kapgeluid.
Sy maak dit toe en kyk by die venster uit. Daar staan ’n padteken op die grond.
Sy kyk om na die man, wat weer terugsit. Dit lyk nie asof hy van plan is om te roer nie. Dan klim sy oor na die bestuurderskant, trek die sleutel uit en sit weer die hoofligte aan voordat sy uitspring.
Hein is besig om van die bagasie uit te pak. “Ek gaan moet omruil. Ons moes seker ’n ent so gery het.



Die band is al deurgetrap."

Anke gee vir hom die sleutel aan en staan nader om te help, maar hy vat die sak wat sy optel uit haar hand en gooi dit op die pad neer. Hy vee met sy hande oor sy hemp, asof hy kreukels probeer uitstryk. Dan slaan hy sy moue, een, twee keer netjies om.

Sy probeer die uitdrukking op sy gesig lees, maar die noodligte se oranje geflikker laat hom om die beurt moedswillig en spyt lyk.

"Sal jy net vra Brand moet uitklim," beduie hy. "Ek kan hom nie ook nog lig nie."

"Bertus, bedoel jy."

"Watookal."

Anke kyk af na waar haar hande langs haar sye vuis, die kneukels van elk die ruggraat van 'n roofdier wat sy prooi stil bekruip.

Sy gaan klop aan die ruit langs die man en maak die deur vir hom oop. "Pap wiel. Hein werk daaraan. Jy gaan net moet uitklim," rammel sy dit af. "Asseblief."

Die man knik en swaai sy een been uit. Hy hou met sy linkerhand aan die deur vas, maar wanneer hy trap, gee sy knie mee.

"Nee! Wag, wag, wag!" Anke tree terug, maar hy gryp haar skouer raak.

Hy val met sy volle gewig teen haar.

Sy lig haar arms om te keer, vat lomp om sy lyf, onder sy baadjie in. Met haar een hand druk sy teen sy bors. Onder die T-hemp voel sy die kloof van 'n rug, 'n ribbekas, spiere oor been gespan; aan haar gesig, die lyfwarm reuk van vroeër.

"Wat doen jy, los uit!"

Sy stamp hard teen hom.

Eers wanneer hy na haar opkyk, sy een knie op die teer, besef sy hoe lig hy was.

Sy vee haar hare uit haar gesig, haar hande dom. Haar bewende vingers klem sy agter teen haar nek vas, 'n ry stomp tande wat ysig in haar rug slaan.

Die man druk op die grond, sy houding dié van 'n atleet voordat hy wegspring, maar sy bewegings stram. Wanneer hy regop kom, druk sy hande in sy sakke. Weerloos gevuis.

"*Sorry*. Ek wou nie…" hy kyk verby haar. Hy leun by die motor in om iets uit te haal. Dan skroef hy 'n plat glasbotteltjie oop en vat 'n sluk. Hy hou dit na haar toe uit.

Anke tree nader, maar skud dan haar kop asof sy van 'n gedagte ontslae wil raak. "Dis aan daardie kant," sê sy met die wegloop.

Hein sit met homself en praat. Hy stoei kromrug met die wielmoere, sy kop stuurs vooroor, sy nek gespanne. 'n Bokram wat wil horings kap. Die krag in sy skouers bou op en gee mee, branders van beneukdheid wat uitswel en breek.

"Kom jy reg?" Sy vou die trui stywer om haar lyf. "Ek bedoel, kan ons help?"

"Nee, dis net om dié. Laaste. Móér …"

Hy los die gereedskap en ruk met geweld aan die wiel. Net daar waar sy linkerhand die band rof vasvat, onthou Anke die blonde vrou se lyf. Sy dink aan hoe sy vanoggend in die koue vergeet het om 'n bra aan te trek. Hoe sy dit sommerso in die tas teruggedruk het.

Dan sien sy hoekom hy so sukkel. Die een punt van die moersleutel is afgebreek en die ander kant so gebuig dat hy niks uitgerig kry nie.

"Wat het jy met die ding gedoen?" Anke skop na die stuk wat eenkant lê.
"Ek het getrap. Ek het altyd met die ander een …"
"Maar die ander een het jy weggesmyt en toe kies jy dié stuk goedkoop gemors." Anke lag, 'n hol bewerige geluid.
"Ja nè," rek sy die woorde uit, "want as geweld nie werk nie," gebruik jy nie genoeg nie, maak sy Hein se sêding in haar gedagtes klaar. Hy gee haar 'n uitdagende kyk. Dan roep hy na daar waar hy dink die ryloper staan.
"Ek het my dit probeer verbeel. Die plek waarvan Ma gepraat het."
Anke kan steeds nie onthou of sy hom al ooit iets oor 'n Jack Russell hoor sê het nie.
"Maar op dié plek was die lig so helder, almal se gesigte was altyd in die skaduwee."
Sy kantel haar kop, 'n weegskaal wat aarselend kant kies.
"Pa was toe al lankal daar, en hy sou seker my brakkie se ore kon vryf en vir hom biltong kerf, het ek gereken."
'n Deur klap in Anke se gemoed toe. "Ekskuus?!" Sy leun ver vooroor asof sy regtig beter wil hoor, maar Hein kry die moer los en sy staan en kyk hom net verdwaas aan terwyl hy die spaarwiel opsit en vasmaak.
Met die terugloop na die bestuurderskant beduie sy vir die man hy kan maar inklim. Sy skuif weer oor na haar sitplek, en voordat Hein die kattebak toeslaan, sê sy: "Bertus, hy ís nie. Hein se pa, hy's …" Maar dan bly sy stil terwyl Hein inklim en wegtrek.
Hy stuur die motor te vinnig in die padwerke in. "In elk geval, iemand het my toe opgelaai," gaan hy aan met sy storie. "'n Baie gawe tannie in 'n groot, wit motor. Sy het 'n paar draaie gery totdat sy kon agterkom waar ek bly, en my toe reguit huis toe gevat."
'n Dun stilte sif op alles neer.
"Meneer het hom nie weer gesien nie."
'n Geluid breek uit Hein se keel. Sy skouers skud asof hy snik. Anke lig haar regterhand na hom, laat vaar dan die gebaar en kyk beslis weg van hom, die verbyswiepende nag in. Maar dan ... sy pluk haar kop weer om na hom. Hy huil nie, hy lag! Anke hoor hoe hy lag. Saggies.
'n Vlakhaas spring voor die motor in en gee 'n paar desperate spronge voordat dit weer die nag in koes.
Dit is asof Hein met homself sit en praat. "Nee, nee. Maar ek sê jou. Jy moes daardie tannie se gesig gesien het toe sy my vra waarheen ek op pad is, en ek heel sedig sê: 'Hemel toe, Tannie'."
Die padwerke kom tot 'n einde. Hein sit asof hy klaar gepraat het. Asof hy die hele pad nog niks gesê het nie. Anke kyk hom stip aan. Lees die uitdrukking op sy gesig in die dowwe skynsel van die instrumentpaneel se liggies. Sy skud haar kop, stadig, terwyl 'n naarheid in haar opstoot.
"Nogal 'n groot gedagte, vir só 'n klein laaitie," meen sy.
"Die tannie en haar motor het self bietjie soos hond geruik," sê Hein sag.
"Om dit ook darem nou só goed te onthou. Om dit tóé te geweet het."
"En babapoeier, klein hondjie en babapoeier."
"Dalk is dit juis die gemors," Anke lag, te hard, "mens dínk jy weet."
"Tot vandag toe wonder ek nog wat van die tannie geword het."
"En eendag skrik jy wakker en kom agter jy het iets misgekyk. Jy wóú dit miskyk."
"Ek het haar ook nooit weer gesien nie."
Toe hulle by die eerste vulstasie buite die stad intrek om die man af te laai, praat Hein weer oor sy skouer. "Is dit reg, sommer hier?"



"Honderd, dankie, Meneer." Die man maak die deur oop, maar klim nie dadelik uit nie. Die koue wat van agter instroom, is al om Anke se bene, nes 'n lastige hond.

"Als reg?" Hein klink asof hy weer 'n moersleutel in die hand het.

"Ek dink nou, ek bedoel … ek het niks geld op my nie, Meneer. Al die plekke is al toe. As ek net hier vir my 'n brood kan koop of iets. Môre kan lank raak, Meneer."

Anke haal Hein se beursie uit die paneelkissie en druk dit teen sy arm sodat hy dit moet aanvat. Hy kyk haar aan, maar vat dit by haar en klim uit.

"*Right*," die man vat sy rugsak en maak hom reg vir die uitklim, versigtiger dié keer. "Jy moet mooibly."

"Dankie, ek's ..." begin Anke.

Hy klap die deur toe net wanneer sy praat.

"... jammer." Die woord slaan nutteloos teen die binnekant van die motor vas.

Van buite klink die mans se stemme hol. Asof daar kilometers se donker ruimte is tussen haar en Hein, waar hy onder die gloeiende elektriese lig staan. Die man rits sy baadjie toe. Dis koud, yskoud sonder atmosfeer. Anke kyk na die sleutel in die aansitter, die sleutelhouer wat swaai, aanhou swaai. Het 'n ruimtetuig ook 'n sleutel? Of druk iemand iewers 'n knoppie en sit alles aan die gang? Ruik sy petrol, proe dit? Wat sou met jou gebeur as jou ruimtetuig se brandstof uitlek? Sy kyk na die liggies op die instrumentpaneel. Sou daar tussen al die skakelaars en knoppe en hefbome in 'n ruimtetuig 'n brandstofliggie wees?

Hein soek deur sy beursie. Daar is geld tussen al daardie strokies. Note. Sy weet. Hy soek dit twee keer deur. Dan stop hy al die munte uit die beursie in die man se hand. Sy hoef nie te hoor wat hy sê nie, sy sien sy lippe beweeg: Jammer, dis al wat ek het.

Dis dieselfde woorde wat hy gereed gehad het vir die vrou wat die vakansiehuis kom skoonmaak het. Vir elke motorwag wat naderstaan. Ook toe sy hom vra om nie oorhaastig te wees met die groot transaksie nie: Jammer, ek moet die kans vat, dis al wat ek het.

Sy draai om na die leë agterste sitplek. Haar blik val op die botteltjie drank. Sy strek om dit op te tel en hou dit na die man toe uit. Sy wil na hom roep, maar hy het reeds omgedraai. Druipstert. Weerloos.

In die glas onder haar vingers sien sy die vloeistof eb en vloed. Dan kyk sy verby dit, vas in Hein se oë, terwyl hy terugklim.

Sy het hom daardie dag mooi laat verstaan sy sien nie weer kans vir een van sy pa se besigheidsplanne nie. Daar was genoeg ander opsies.

"Pa is seker dit kan werk," het hy wal gegooi.

"Soos laas keer? Het jy al vergeet hoeveel ons verloor het? Jy oorweeg dit seker nie?"

Hy het net vir hulle nog wyn geskink.

Stilbly is 'n rondneuk antwoord.

"Bliksem, Hein, ek weet ek het sonder geld grootgeword. En ek weet seker nie veel van besigheid nie. Maar 'n mens het nie 'n graad nodig om te verstaan …"

Hy het haar geïgnoreer. Belaglik en dom laat voel. Asof hy haar 'n guns doen en sy net te simpel is om dit te besef. Selfversekerd oor wie destyds vir wie gered het.

Hy het sy glas gelig en gewag dat sy ook so maak.

"Hoe dit ook al uitwerk, op die transaksie van die jaar," het hy gesê en 'n sluk gevat.

Sy het verby die wyn in haar glas gekyk na die oorwinning in sy oë.

Die vonk van besef is dadelik daar, maar dit vat 'n rukkie daarvoor om elke greintjie vermoede binne haar brand te steek.



Hulle is nog net ’n paar strate van die huis af.
“Stop, asseblief,” vra sy baie sag.
Hein kyk nie eens in haar rigting nie.
“Uit!” Sy besef dis eintlik wat sy wil sê. “Klim uit!”
Hein trap rem. “Wat’s fout met jou?”
Anke ruk aan haar sitplekgordel. Die knip spring los. Haar oë is die heeltyd op Hein. Wanneer sy voor om die motor loop, staar sy in die ligte vas. Warm lug blaas onder die enjinkap uit in haar gesig. Verblind ruk sy die deur aan die bestuurderskant oop. Sy trek haarself aan die stuurwiel in en leun halflyf oor hom om die sitplekgordel los te maak.
“Anke,” hy klink nie moeilik nie, sy stem is eerder dun. Hy vat aan haar skouer, maar sy ruk weg.
“Nee. Nee! Jy vát nie weer aan my nie, hoor jy!
Sy tree terug en ruk met die uitklim aan sy arm. Sy val agteroor tot op die teer.
Hein klim uit.
“Waarvan praat jy?” Sy stem is stroperig. Nes die laaste sluk koffie in die papierbekertjie. En die laaste bietjie sjerrie in die glasbottel. Laaste bietjie. Nes haar blinde geloof.
Stilbly. Sy sit stadig regop.
“Klim terug dat ons kan huis toe gaan. Ons is altwee moeg.”
Anke roer nie. Stilbly. Maar binne haar gil dit. My arme hondjie. My arme pa. Watse kak was dit daardie, Hein? En het jy regtig gedink jy kan elke bliksemse sent terugspaar voordat ek agterkom?
“Weet jy wat, doen nes jy luskry.”
Eers lyk dit asof hy in die motor gaan terugklim, maar dan stap hy weg.
“Soos ’n sleg hond ...” sê hy sag.
’n Ent weg gaan hy staan, sy arms wyd oopgesprei.
“Nee, wag,” roep hy, sy stem skril. “Die woord waarna jy soek is voertsek, Anke. Voertsek!”
Anke klim in die motor en begin blindelings ry. Nie vinnig nie. Sy dwaal net oor die pad en in systrate af. Sy is nou aan die stuur. Die satelliet is uit sy wentelbaan losgeruk.
Die alarmpie wat daaraan herinner dat die sitplekgordel los is, skel eentonig. Sonder ophou.
Voor in die pad herken sy ’n hond se draffie. Hy gaan staan en draai om vir haar te kyk.
Sy trap rem. Die alarmpie raak stil.
Die hond se oë blink in die ligte. Sy bek is oop, sy lippe teruggetrek by die mondhoeke, sy tong slap.
Dis ’n Rondloperhond. ’n Hond wat oral rondsnuffel waar hy nie hoort nie. Wat kyk waar hy kan aas. Wat selfsugtig oorleef. ’n Hond wat gemors moet bly vreet om aan die gang te bly. Wat skelm draaie loop. Gewoontemisdadiger.
“Hallo, Stilbly,” fluister Anke verbaas, “kyk nou net.”
Die motor ruk soos sy die versneller vastrap.
“Jy was waaragtig ’n Jack Russell.”



## Vreemdeling – Marida Fitzpatrick

Die slaap wil haar vat, maar sy skrik kort-kort wakker van haar kop wat vorentoe val of terugruk. Haar nek voel so dun, haar kop so swaar waar dit soos ’n groot loodbal hier in die kar ronddobber. Langs haar is Jos stil waar hy bestuur. Sy kyk na hom, sy profiel, die skaduwee van sy baard, sy regterhand op die stuurwiel. Soms wens sy die jare was minder genadig met hom. Dalk was hý dan genadiger.

Hulle is al so lank man en vrou, maar steeds voel sy verleë as sy so voor hom sit en visvang. Hoe moet sy vir hom lyk? ’n Middeljarige vrou, haar kop te swaar vir haar lyf, haar droë mond oop, soos ’n vis wat vrek.

Sy skuif meer regop in haar stoel, vee oor haar oë, probeer wakker bly. Hierdie rit voel nimmereindigend. Hoe ver is die huis dan van die kerk af? Die gedagte aan die kerk bring die irritasie terug. Vir ’n oomblik voel sy net die gevoel, die kriewelings onder haar vingernaels, sonder om te weet waar presies dit vandaan kom. Tussendeur die wakkerslaap was dit weg, was sy Jos weer goedgesind, het sy selfs oorweeg om haar hand op sy been te sit. Maar nou onthou sy: Die blerrie vyf rand in die kollektebord, die oorverdowende geklingel van die munt. Wie gooi nog ’n munt in ’n kollektebord? Nie eens die Visagies nie. Álmal sit ’n noot neer. Tien rand of twintig rand of vyftig rand. Maar nie hulle nie, nie Jos en Magriet van Niekerk nie.

En Jos hét ’n twintigrandnoot by hom gehad, sy weet dit, sy het dit self sien deurskyn in sy hempsak. Maar nee, dis kastig sy laaste kontant. Toe klingel daai vyf rand soos vyf-en-twintig orrelpype in daai houtbord: ’n Simfonie van suinigheid.

Toe hulle links in Drakensteinstraat indraai, sien sy die figuur langs die pad, maar sy sê niks nie. Dis Jos wat iets sê: “En dié? Wat stap sy so alleen hierdie tyd van die nag?”

“Weet nie,” sê Magriet aspris, al weet sy dit maak hom woedend as sy so op sy retoriese vrae reageer.

“Moet ek stop?”

“Is jy mal?”

“Dalk het sy hulp nodig.”

Jos ry stadiger en hou dan ’n entjie voor die vrou stil. “Draai jou venster oop,” beveel Jos.

“Dis gevaarlik. Ry!” sê Magriet.

Jos leun oor haar en draai self haar venster oop. “Soek jy ’n lift?” skreeu hy deur die venster, terwyl hy nog halflyf oor Magriet lê.

“Asseblief,” antwoord die vrou, “as oom nie omgee nie”.

Eers toe sy naderstap, deur die straal van ’n straatlig, sien Magriet dis ’n jong meisie, seker niks ouer as 20 nie. Sy het ’n vals pelsjas aan, in die middel van die somer, en haar hare is witblond gekleur, het plek-plek van die peroksied afgebreek. Prostituut, dwelmverslaafde, vir al wat hulle weet. Maar dis nou te laat. Soos gewoonlik het Jos reeds die verkeerde besluit vir haar gemaak.

Die meisie maak die agterdeur oop en spring in, uitasem van die stap en die verligting. “Dankie!” roep sy uit.

“Wat maak jy dié tyd alleen op straat?” vra Jos. “Dis gevaarlik.”

“Ek het my vriende verloor,” sê die meisie, en Magriet weerstaan die impuls om in haar sitplek om te draai om na die meisie te kyk. Jos vra nie verder uit nie, aanvaar haar verduideliking asof dit iets is wat enigiemand enige tyd kan oorkom – jou vriende “verloor”.

“Waarheen is jy op pad?” vra hy.





"Oom kan my sommer by die mall aflaai," sê sy vrolik.

"Moet ek jou nie maar huis toe vat nie?"

"Nee, oom, my broer-hulle is by die mall, hulle't gaan fliek," sê die meisie, "ek sal hulle daar kry. En as hulle nie daar is nie, sal ek iemand daar ken. Ek is vriende met die hele dorp!"

Die mall is ver, heeltemal aan die ander kant van die dorp, totaal uit hulle pad, maar Jos lag net en sê: "Jong," en hy kyk vir die meisie in die truspieël, "net nou steel iemand jou!"

Magriet herken die ou, oorbekende naarheid in haar maag. In die 34 jaar wat hulle getroud is, voel sy dit elke keer wanneer hy met 'n jong vrou danig raak. Sy weet dis al hoekom hy stilgehou het, omdat dit 'n mooi, jong meisie langs die pad was. As dit 'n man of 'n ouer vrou was, het hy hulle nie eens raakgesien nie. Magriet weet hoe hy na jonger vroue kyk, sy het sy oë al hoeveel keer betrap. En dit verbaas haar steeds hoe dit elke keer, élke keer, 'n gat slaan deur haar hart.

Die meisie lag koketterig, soos almal van haar soort, volledig bewus van die effek wat sy op mans het.

"Nee, oom," kweel sy stroopsoet, "wie sal my nou wil steel?"

"Jong," gaan hy voort, en Magriet sluk hard om te keer dat sy iets sê, "moenie so seker wees nie!"

Vir 'n ruk is daar 'n stilte in die kar en Magriet let op hoe die manier verander waarop Jos die motor bestuur. Tussen verkeersligte versnel hy vinniger, verwissel die ratte behendiger, draai die stuurwiel met een hand, sommer so met die palm. Die gebaar is so desperaat dat Magriet hom byna jammer kry. Wat is dit in haar man wat maak dat hy die goedkeuring van 'n 20-jarige vreemdeling nodig het?

"My sussie is ontvoer, toe ek klein was," verbreek Jos die stilte. Die soetlikheid in sy stem is weg, hy stel dit net as 'n feit. Nie Magriet of die meisie weet hoe om te antwoord nie, en drie straatligte flits verby hulle voordat Jos verder praat. "Sy was nege."

Dis waar, sy sussie het as kind weggeraak, maar hy praat nooit daaroor nie. Toe hulle jonger was het sy vergeefs probeer om hom daaroor uit te vra, om die pyn daarvan te verstaan, maar Jos wou nooit enigiets meer as die gestroopte feite vertel nie. Magriet weet net sy het weggeraak en hulle het haar nooit gekry nie. Jos het nog nooit gesê sy is ontvoer nie.

"Dit was my skuld," sê hy dan en Magriet se mond verdroog, haar hart gaan klop in haar maag. Sy kyk vir Jos. Sy mond is effens oop en sy mondhoeke trek af. Hy praat die waarheid, tref dit haar en haar hart krimp weg van haar borskas. Vir die eerste keer vertel haar man die waarheid oor sy sussie en hy vertel dit vir 'n vreemdeling. "Ek moes na haar kyk, ek was die ouer een."

Die meisie vra nie verder uit nie, Magriet ook nie. In die motor is net stilte, donkerte en drie vreemdelinge. Toe hy by die winkelsentrum stilhou, sê die meisie gedemp "Dankie, oom" voordat sy die deur oopmaak om uit te klim.

"Wag," sê hy, en hy haal die R20-noot uit sy hempsak uit, sy laaste geld. "Hier." Hy strek met sy arm agtertoe om dit vir haar te gee.

"Dis oukei, oom, dis regtig nie ..." protesteer sy.

"Vat dit asseblief," sê hy. "Mens weet nooit nie."

Toe die meisie met die R20 uit is, klap die motordeur toe en Jos begin ry sonder om na Magriet te kyk.

Hulle ry verby 'n bloekomboom wat omgeval het. Daar's 'n gat in die grond, soos 'n wond, en Magriet kyk na die boomwortels wat soos derms uit die boomstam hang.

Sy dink aan die wilgerboom wat Jos 34 jaar gelede vir haar geplant het, vir hulle. Dit was net nadat hulle getroud is. Hoe moeër hulle vir mekaar sou word, het Jos geterg, hoe groter sou die boom se skadu word.



Een deel van sy voorspelling het waar geword: Die wilgerboom het vinnig gegroei. Sy onthou toe hulle die eerste keer piekniek onder die boom gehou het. Dit was ’n Saterdag en Jos het net klaar gras gesny. Dit was voor die kinders daar was. Sy het ’n kombers in die koelte gaan gooi, vir hulle aanmaakkoeldrank in plastiekglasies gegooi. Hulle het gelag, en hy het ’n hoogdrawende heildronk op hul boom ingestel. Haar glasie het omgeval toe hy haar begin soen het, haar op die kombers neergevly het. Sy onthou die oranje strale wat oor die check-materiaal geloop het terwyl Jos se asem in haar nek gejaag het. Sy onthou hoe sy nie omgegee het dat die koeldrank als taai maak nie. Sy onthou hoe Jos haar rok teen haar dye opgeskuif het en sy nie omgegee het of die bure sien nie. Sy onthou die gewig van sy lyf op haar, sy onthou hom in haar, sy onthou hoe hy haar asem met net die uitspreek van haar naam kon wegvat. “Magriet.”

Hulle ry by die heuwel af en daar voor sien sy die nywerheidsgebied. Van ver af lyk dit soos die melkweg van die dorp, met al die fabriekliggies wat soos gebreekte glas fyn en dig op mekaar lê. Snaaks hoe so ’n lelike plek so mooi kan lyk in die donker, van ver. Maar toe hulle nader kom, tref die lelikheid, die droefgeestigheid van die plek haar. Dié tyd van die nag lyk die plek heeltemal ontvolk, asof hier ’n groot ramp was, ’n kernontploffing of ’n oorlog, en die inwoners die plek net so moes agterlaat.

Jos trek die motor skielik van die pad af.

“En nou?” vra Magriet.

“Ek dink die wiel is pap. Die kar trek na regs.” Hy hou stil en klim uit, gaan skop so hard teen die regter-voorwiel dat die hele motor skommel. “Jip,” sê hy. “Pap wiel.”

Hulle het langs ’n yslike skrootwerf gaan staan, sien Magriet. Elektroniese neonletters spel die woord S-C-R-A-P teen ’n naambord uit. Stukke staal lê in berge opgestapel – die binnegoed van toestelle en motors en grassnyers wat eens op ’n tyd gewerk het. Vermink lê die onderdele ineengestrengel, met drade en speke wat in verkeerde rigtings steek, soos gebreekte bene. Magriet ril, die plek maak haar bang. Sy klim ook uit terwyl Jos die spaarwiel uit die kattebak gaan kry. Jos trek sy baadjie uit en gee dit vir Magriet.

“Dè,” sê hy, en rol sy wit hempsmoue op voordat hy langs die wiel kniel. Soos ’n kapstok staan sy daar, sy baadjie oor haar hand gehaak, niks meer as ’n gebruiksartikel nie, ’n stuk gereedskap in menskleur.

“Ek is bang,” sê sy.

“Vir wat?” blaf Jos.

Sy antwoord nie.

“Gaan haal die jack,” sê hy.

Sonder teëstribbeling gaan haal sy die domkrag uit die kattebak. Die ding is swaar en sy sukkel om dit uit te tel en na Jos toe te dra. Hy kyk haar geïrriteerd aan.

“Jy kan my help, jy weet,” sê sy. “My arms breek af.”

“’n Mens breek nie so maklik nie.”

Sy laat val die domkrag net daar op die teer neer. Klangelangelang kletter dit hard in die stil nag.

“Waddehel doen jy, vroumens?”

Jos storm nader en pluk die domkrag met een hand op, laat haar klagtes oor die gewig daarvan met een gladde gebaar belaglik lyk.

Jos vloek kort-kort, maar hy ruil die wiel vinnig om. Magriet klim terug in die motor en Jos inspekteer vir oulaas die wiel, skop-skop dit weer hard.

Toe hulle wegry, dink sy watter woorde mens alles van die letters in SCRAP kan maak. Sy weet daardie metaal-afval, daardie verwronge arms en bene, gaan nooit weer iets wees nie. Sy weet ’n wilgerboom kan nie weer groei as daar diesel in sy stam is nie.



# DOLOS

Afrikaanse Taal en Literatuur UV